

## A

**a-** I: prot. *a-* by enkele Afr. pln., bv. **ada(h)lia**, **ajosie** (q.v.), wsk. na anal. v. ander pln. met anl. *a-* (v. watter herk. ook al), bv. *agapant*, *agurkie*, *ajuin*, *akant*, ens. (Bosh TWK/NR XII 1).

**a-** II: — *an-* (voor vok.) —, priv. *a-*, “beroof van, sonder”, ong. = *nie-*, *non-*, *on-* en *-loos*, veral in wd. v. klass. (meer bep. Gr.) herk., bv. *amoreel*; *anorganies*; soms opgevat in bet. v. Gr. *anti*, “teen”, bv. *a-godsdienstig* = “ongodsdienstig” = “antigodsdienstig” (WAT).

**-a**: uitg. by 1. eien. v. vr. pers. met slot-*a* (*Helena*) en met parag. *-a* (*Betta* uit *Elisabet*); 2. eien. v. ml. en vr. pers. met swak bekl. *e* in slotletg. (*Pieta* uit *Pieter*; *Hetta* uit *Hester*) en anal. uitbr. v. hierdie tipes; 3. troetn. v. ml. en vr. pers (*boeta*; *harta*, *kinta*), ook vir diere (*honna*, *honta*); 4. eufem. vorme (*gatta*, *gotta*); 5. naas of ter vervanging van (gew. ouer) vorme met swak bekl. *e* in slotletg. (*alla*; *bolla*, *padda*, *poena*) — Trig se *Pieta* is blb. een v. d. vroegste gedok. vb. van 'n ml. persn. met hierdie *-a*.

**a** I: uitr. i.v.m. smart en vreugde, verbasing en verwondering, ens.; Ndl. gew. *ah*, soms *a*, Eng. *ah*, Ndl. en Eng. verst. *aha*.

**a** II v. **kakka**.

**a-a** v. **kakka**.

**aaklig**: — *aaklik* -- ; Ndl. *akelig/akelik*; in Ndl. en Afr. het analv. op *-ik* blb. lae frekw., maar hoë in Ndl. dial.; hou verb. m. veroud. *akel*, “leed, nadeel, pyn, verdriet”, mntl. ook m. *hekel*, “kritiseer”, verder m. Eng. *ache* (misk. ook *ail* en *heckle*) en Du. (Hd. en Pd.) *ekel*.

**aaks** v. **aks** I.

**aalwyn**: — *al(e)-/allewyn/a(a)l-/al(l)ewee/(dial.) -wie*, uitspr. v. vorme m. *aal-* dikw. kort, en *a(a)lwyn* grootste frekw., ook in plekname — (*spp. Aloe*, fam. *Liliaceae*), blb. verwar m. Bybelse (Ndl.) *aloë* en (Afr.) *alewee* (lg. òf om digby Ndl. te bly òf ingegee deur d. vertaler (bv. v. Psalms) se eie vorm en dan konsekwent in Bybelvert. deurgevoer, terwyl *aalwyn* nie by balsem, speserye en wierook inpas nie, vgl. Spr. 7: 17; Hoogl 4:14; Joh. 19:39), wsk. t.g.v. Lat./Gr. vorme minder juiste vert. v. Hebr. *ahalim*, 'n Oos=terse boom m. geurige hout en speserye (*Aquilaria agallocha*, fam. *Thymelaeaceae*), ook te ondersk. v. sg. *makaalwyn* of *gare-/garing=boom* (*spp. Agave*, fam. *Amaryllidaceae*); Ndl. en Mnl. (ook vRieb) het *aloë* (uitspr. *alo-ee*, mv. *-s*), maar “Oosterse oorspr.” daarvan (WNT II 224) onseker en ook v. Eng. en Hd. *aloe*, Lat.

*aloë*, Gr. *aloë*, wu. Afr. *aluwe* (o.a. by Trig) en dan *alewee* (soos by *senuwee*); l.o.v. vorme op -wyn misk. 3 verkl. mntl.: 1. oor=geërf uit Ndl. (WNT/Supp I 906, sonder datg. *alewijn* en SoVl. *alewien*, misk. uit relv. m. mv. -n, soos in ouer en later Hd. *aloën/aloën?*) of 2. uit byv. vorm *aloïne/aloïen* (mntl. egter betr. laat ontst.) of 3. volkset. maar dan wsk. reeds in Ndl. self; v. ook *garoe(boom)*, *peperboom II*.

**aam**: “vat v. bep. maat; vogmaat, (veral) wynmaat”; Ndl. *aam* (Mnl. *ame*), Hd. *ohm/ahm* (veroud.), Eng. *aam/aum/awme* (ver=oud.), via Ll. *ama*, “vat; wynmaat”, uit Gr. *amê*, eint. (*h*)*amê*, “emmer”, v. ook **alfaam** en **halfaam**.

**aambeï**: meest. mv., uitspr. dikw. met kort *a*; Ndl. (sedert 17e eeu) *aambeï* (oudste vorme *a(e)nbei*), le lid v. ss. òf uit *ang*, “puisie, sweer”, òf uit *eng*, “benoud, nou”, en 2e lid *bei*, “bessie”, soos in *aarbei*, uit Fr. *baie* uit Lat. *baca*, “bessie”.

**aambeï(e)bos** v. **agdaegeneesbos(sie)**, **bitterbossie**, **meidjiewillemse**, **perdebossie**, **swartstorm**, **tandpynbessie**.

**aamborstig**: “heserig”, uitspr. gew. met kort *a*; Ndl. (reeds 17e eeu) *aamborstig* | *am-|a(e)n-/engborstig* (by Kil *amborstich/ademborstig* (wsk. volkset.), “kortasemrig”); i.s. 1e lid v. *ang|eng*/by **aambeï** (q.v.) en Hd. *engbrüstig* en ook Kil *engh-borstigh*.

**aamheestig**: dial. kontamv. v. **aamborstig** (q.v.) en *hees/heesterig* | *heserig*.

**aand**: — *awend* (ouer vorm nog in *Awendland*, *Awendmaal*) — ; Ndl. *avond*, Hd. *abend*, Eng. *eve/even-* in ss. *eventide* en afl. *evening*, met -ing uit ouer -ung, herk. hoërop onseker, v. ook **naand** en **saans**, asook **oggend**.

**aandadig**: “medepligtig”, feit. doeb. (vlgs. WAT “verbas. vorm”) v. **handdadig** (q.v.); Ndl. *handdadig* (by vRieb *handdadigers*, *mede handich*), Hd. *handthätig*, afl. ss. v. *hand* of afl. v. *handdaad*, in Afr. mntl. beïnv. deur byg. aan (“deel hê) *aan daad*, bv. *misdaad*”.

**aandag**: 1. “oplettendheid”; 2. “vroom gebed/oorpeinsing”; Ndl. *aandacht*, die 17e- en 18e-eeuse Ndl. gebr. in bet. 2. kon, wsk., met of sonder Hd. verst., vir die behoud in Afr. verantw. gewees het.

**aandblom**: versk. bloms. (*Freesia refracta*; *Gladiolus tristis*; spp. *Hesperantha*, almal fam. *Iridaceae*), Mar 3, 141.

+ **aandstuk**: — *avondstuk* —, “aandete”; dat dit vroeër gebr. is, blyk uit T. Pringle se *African Sketches* (1834, p. 183): “Supper

(*avond-stuk*) is the principal meal throughout the interior of the Colony; the only other regular meal being breakfast". Het Hd. *abendstück* daarby 'n rol gespeel?; v. ook **vroegkos** en **vroegstuk**.

**aankomde**: "naderende" by tydsbep., — *jaar, maand, week*, nie by *dag* nie, wel by *dagname*, — *Maandag*, naas *aankomende trein*; Ndl. sprt. *kommen/komen* (Mnl. *comen/come*, begin 17e eeu nog *aencommen*, N WT/Supp I 86), Eng. *come*, Hd. *kommen* hou verb. m. Lat. *venio*, "ek kom", en Gr. *baino*, "ek gaan".

**aanpresenteer**: kontamv. v. *aanbied* en *presenteer*; Ndl. sprt. *aan-presente(e)ren* (by vRieb o.a. *aenpresenteerde*, *aengepresenteert*), Ndl. *presente(e)ren* via Fr. *presenter* uit Lat. *praesentare*, "gee, skenk".

**aans I**: — *aansies* — , verk. vorm v. **aanstons** (q.v.); Ndl. *aanstonds* (nog nie by Kil, Plant of in Stateb. nie), vgl. Fri. *a(e)nstons*; *aansies* kan òf verdere byw. uitbr. v. *aans* wees òf aansl. by vorme soos Fri. *aens'ns/aensens*.

**aans II**: wsk. oor tussenv. *an(n)es/an(n)ers* uit *anders*, vgl. dial. Ndl. *aars* (baie gebr. in 17e eeu) en *a(a)ns* (WNT/Supp I 1134); slot-s uit -rs soos in *daas* (water) uit *daars* — uit *daar is* - .

**aansienlik**: "belangrik; groot; vermoënd"; so ook Ndl. *aanzienlijk*, maar Afr. bet. "mooi v. voorkoms" blb. in Ndl. onbek., hoewel dit verb. hou m. Ndl. *aanzien* (Mnl. *aensien/anesien*), "uiterlike voorkoms", en ook dial. Ndl. (Mans KHI).

**aansies** v. **aans I**.

**aanstalte**: mv. *aanstalte/aanstaltes*, "begin, voorbereiding"; eers laat (18e/19e eeu) in Ndl. aan Hd. *anstalt* ontl., met ekv. soos in *gehalte* en *gestalte*.

**aanstons**: "netnou, weldra"; Ndl. *aanstonds*, met byw. -s uit ouer wdg. *aen stonden* (ong. =: op (hierdie) oomblik), verk. tot *aans*, v. **aans I**.

**aanstraks**: dial. v. "netnou, weldra"; kontamv. v. **aanstons** en **straks** (q.v.).

**aantyg** v. **tog I**, **tyg**.

**aanwas** v. **was III**.

**aapsekos** v. **swartbasboom**.

+ **aapskeloeder**: — *aapskilloeder* (eint. net ouer spv.) — , skelw.; verkl. as hibr. sk. van Ndl. *aap* + Du. *schinden* + *luder* (Mans

KHI) of as hibr. ss. van Ndl. *aap* + Du. *schindluder* (Hes HA<sup>1</sup> 82 en HA<sup>2</sup> 79) bevredig (veral fonet.) nie, eerder sk. van Ndl. byv. *aapsche* (met oorg. tot *aapske*, soos by *dussche(n)* tot **duške(n)** (q.v.)) en *loeder* (wat blb. met *lodder* en *loer* deureenloop).

**aar** I: “bep. vorm v. bloeiwyse v. plante”; Ndl. *aar* (Mnl. *aer*), Hd. *ähre*, Eng. *ear*, hou verb. m. Lat. *acus*, “kaf; naald”, wsk. ook m. Lat. *agna*, “aar”, en Gr. *αχνή*, “kaf”.

**aar** II: “(bloed)aar, (delfstof)aar, (water)aar”; Ndl. *ader/aar* (Kil *adere*, Mnl. *adere/adre*), Du. (Hd. en Pd.) *ader* hou wsk. verb. m. Gr. *êtor*, “hart”; v. ook **aderlik** en **bloedlaat**, asook **wateraar**.

**aarbeï**: plant en vrug (*spp. Fragaria*, fam. *Rosaceae*); Ndl. *aardbei* (ss. v. **aarde** (q.v.) en *bei* (v. **aambeï**) naas *aardbezie*, met *bezie/bes*, Hd. *beere*, Eng. *berry* = Afr. *bessie*.

**aard** I: “geaardheid, natuur, soort, wese” (vgl. in *d.* — *kom* by vRieb en Trig, Scho TWK/NR 7, afl. 1); Ndl. *aard* (Mnl. *aert*, “geaardheid, manier van doen”), Hd. *art*, hou wsk. verb. met Mnl. *er(i)en*, “(be)ploeg”, en met Lat. *aro* en Gr. *arôō*, “ek ploeg”.

**aard** II v. **aarde**.

**aarde**: “die planeet”, — *aar-/aard-/aart-/ert-/erd(e)* — (veral in ss.) — ; Ndl. *aard/aarde* (Mnl. *aerde/eerde*, dial. nog *eerde*), Hd. *erde*, Eng. *earth*, hou wsk. verb. m. Gr. *eraze*, “op die grond”, vgl. o.a. **aarbeï**, **aartappel/ertappel**, *erdewerk*, *erdvark*.

**aardig**: 1. “aangenaam, vriendelik”; 2. “mislik, naar, ongesteld”, in bet. 2. met ww. — *ar(r)ig/arrag* — ; in lg. geval ook Ndl. dial. ww. *aerig/aorig/arig* (o.a. by Ghijs s.v. *aerdig*) en Hd. dial. *artig*, OFri. *ardig/arig* (tDK), afl. v. Ndl. *aard*, v. **aard** I. Cha (138) se verkl. tans nie meer ernstig op te vat nie.

**aäronskelk** v. **aronskelk**.

**aars**: “agterent, boud(e), sitvlak, stert; *anus*”; Ndl. *aars* (Mnl. *aers/e(e)rs*), Hd. *arsch*, Eng. *arse*, “agterste”, hou verb. m. Gr. *orros*, “agterste, stuitjie”, en Gr. *oura*, “stert”; v. ook **asgat**, **blikners** en **nersderm**.

**aarsel**: “huiwer, terugwyk, weifel”; Ndl. *aarzelen* (Mnl. *a(e)rselen/ e(e)rselen*), eint. frekw. denom. naas *eersen* afg. van **aars** (q.v.), ong. = “met die agterste terugbeur soos ’n steeks trekdier”, vgl. Eng. *recoil* uit Fr. *reculer*, afg. uit *re-*, “terug”, en *cul*, “agterent”.

**aartappel**: — *ertappel* — , 1e vorm ook met kort *a* en albei met letgs. tussen *r* en *t*, “plant en eetbare knol” (*Solanum tuberosum*, fam.

*Solanaceae*); Ndl. (meer bep. NNdl. en eers v. 17e eeu af) *aard=appel*, dial. en ouer Ndl. *eerdappel*/*eerdappel*, Hd. dial. *erdapfel* en Pd. *erdappel*, elders in Ndl. en veral dial. gew. 'n vorm v. *patat* (q.v.).

**aas I**: “krenge, (lok)aas, lokkos, bv. vir roofdiere en visse”; Ndl. *aas* (Mnl. *aes* naas *aet*, Ndl. dial. *aat*), Hd. *aas*, hou verb. m. Ndl. *eten*, Eng. *eat*, Hd. *essen* en o.a. m. Afr. *eet*, *vreet*, *vraat*, *tand*, *tinne* (q.v.) en met Lat. en Gr. *edō*, “ek eet”.

**aas II**: “die hoogste kaart in bep. kaartspele, ens.”; Ndl. *aas* (Mnl. *aes*) uit Ofr. dial. *ais* (Fr. *as*, Eng. *ace*) uit Lat. *as*, naam v. bep. “gewig en maat”.

**aasblom**: ben. v. talryke plante, veral *spp. Caralluma* en *spp. Stapelia*, fam. *Asclepiadaceae*, net so talryke volksn. by Mar 3, 125, Wh-Bo-Sl 1133–1134 e.a., bv. *aroena*, *bobbejaanseep*, *bokhorinkie(s)*, *duikershoring*, *haasoor*, *horinkies*, *hotnotstoontjie*, *kabietjie*, *kop=seer*, *ngaap*, *oukoei*, *ouram*, *skilpadkos*, *slangkos*, *slang-ngaap*, *uilkos*.

**aasvoël**: versk. voëls. (fam. *Aegyptidae*, *Cathartidae* e.a.), v. **swart-**, **vaal-** en **witaasvoël** en vgl. Nien HOTT s.v. *aasvoël*, *witkraai* I en II.

**aasvoëlbessie**: pln. (*Maurocena frangula*, fam. *Celastraceae*; *Gar-denia neuberia*, fam. *Rubiaceae*; *Royena lucida*, fam. *Ebenaceae*), ook bek. as *hotnotskersie*, *opgeitjie*.

**abafazi**: “vroue”, verskyn veral op stasielatrinies vir naturellevroue; mv. v. Zu. *um-fazi*, “vrou”; vgl. **amadoda**.

**abba**: “(’n kind) op die rug dra”, reeds by Wik in vorm *aba*; Kor. *aba*/*’aba* en Na. *awá* (Nien HOTT 205); ook Boes. ken *aba*, “carry” (Ble BD 5), maar ontln. daaruit in Afr. onwsk., terwyl in Bant. o.a. *papa* gebr. word.

? **abbakoen**: dial. v. “aanbousel a. buitekant v. kombuis” (WAT), sluit in bet. aan by *abbakaggel* en 1e lid van ss. wel **abba** (q.v.), maar 2e onbek.

**abdelkader**/**abdelkater**/**abdolkader**/**abdolkater**/**abdolkata** v. **ablou**.

? **abera**: by vWiel 168 as *labera*, “akkedis”, en verb. m. Hott. *!nabera* bevraagteken, lg. nie opgespoor nie, wel Na. *!nare-b*, “eidechse” (Kroen 242a), maar onseker.

**abiekwas(boom)**: — *-(bos)/-(geelhout)* — (*spp. Tamarix*, fam. *Tamaricaceae*); ss. waarvan 1e lid ’n Hott. wd. is wat ’n groep Boes.

aandui in ouer geskifte bek. as *Abiquas/Hawequas/Ibequas/Obequas/Ubequas/Ybiekas*, wat almal “rowers” kan bet. en wsk. verb. hou m. Na. *ú-bě*, “wegneem” (Bosh TWK X 1, 1950). In Hott. kan *h* anl. aan- of afwesig wees en ’n soort abl. *a/o* en *o/u* dial. ondersk. maak, terwyl *e* en *o* in Na. ondersk. ook as *i* en *u* gehoor word (Mein LNS 1, 2, 7, 9 en elders); v. ook **dawee**.

**AB-jab**: ben. v. outydse eerste spelboekie, waarvan die naam sinspeel op verbg. van eerste letters van die ABC tot ’n letg. (WAT).

**abjater**: 1. “snuiter”; 2. “deurtrekker, stertriem” (lg. nie in WAT nie); eien. uit d. Bybel (o.a. 1 Sam. 22) wat soortn. vir mens en ding geword het. Het Abjater se “skouerkleed” (*efod*) iets met die 2e bet. v. d. wd. te doen gehad? Daar word gedink aan mntl. verb. met of byg. aan Hott. (Na.) */abi*, “the front dress of women” (v. Nien HOTT s.v. *voorkaros* II).

**abliewie**: dial. v. “ekskuus, pardon”; Ndl. *(w)a(t) b(e)lief(t)u/(w)a(t) b(e)liefje*.

**ablou**: reeks ww. by WAT wo. **abdel-/abdolkader/-kater**, ens., hierbo, ook bek. as **katsels** (q.v.), “bep. kinderspel”; in Eng. heet d. spel *Castles are blue*, waarvan in Afr. kindt. gemaak is: *Katsels ablou*, later geskei as aparte name *katsels* en *ablou* e.a. wo. *bloe/bloes* (Klop TV VIII 3 en 4); alleen die opm. “assosiasie met . . . Slam=se voornaam Abdol” uit Frank (TB) se afl. uit Mal. *apa lo(e) kata* het nog vir bep. ww. waarde.

**abrakadabra**: “onbegryplike taal”; (vroeeër, sedert 2e eeu) “soort towerwoord”, betreklik intern. in Westerse tale, wsk. uit Gr. *abraxas* en Hebr. *dabar*. As ons dit sou skrywe *abra-ka-(d)abra*, dan blyk dat dieselfde patroon nog gevolg word in spotname i.d. kindt., bv. *Attie-ka(t)attie*, *Essie-ka-(p)essie*, ens.; vgl. verder die gebr. v. **-ka-** as rekm. met dié v. **-ma-**.

**absent v. opsent**.

**abses**: “etterseer”; Ndl. *abces* (uit Fr. *abcès*)/*absces* (uit Lat. *ab-scessus*), Eng. *abscess*. Lat. *abscessus* is verl. dw. v. *abscedere* (*abs-* + *cedere*), “weggaan” (n.a.v. etter wat deurbreek).

**absis**: “horisontale koördinaat i.d. Wisk.”; Eng. *absciss(e)*, Lat. *abscissa* (vr. vorm v. verl. dw. v. *abscindere*, “afsny”), nie te verwar nie met Ndl. *absis/apsis*, Afr. *apsis*, “bep. soort nisboog i.d. boukunde” (Lat. *absis/apsis*, Gr. *(h)apsis*).

**absoluut v. opsluit**.

**ada(h)lia v. dahlia**.

**adamsvy(g):** boom en vrug (*spp. Ficus*, fam. *Moraceae*), reeds by Men as *adamsfeige* in Afr. toep., maar toep. op piesangs. (*Musa paradisiaca*) is nie alleen Du. nie, Ndl. het dit ook geken (hoewel WNT in dié bet. net *adamsappel* vermeld) en 'n vorige uitg. v. vDal het nog **adamsvïjg** aangegee as “banaansoort in Z.A.”.

**adem:** as simp. (s.nw. en ww.) in Afr. hoof. in digt., fig. en verhewe taal en in enkele (geërfde) vorme soos *verademing*, origens *asem* (q.v.).

**aderjan-praatjies v. allespraatjies.**

**aderlik:** “wat die bloedare betref”, bv. *aderlike bloed*, in tegn. gebr. en Ndl. vorm, afl. v. Ndl. *ader*, Afr. *aar* II (q.v.).

**adoons:** “bobbejaan”, ironies-skertsende toep. v. d. naam v. d. mooi jongeling, Adonis, i. d. Gr. fabelleer, ook gebr. v. ml. Nie-Blanke.

**adret:** (dial. v.) “behendig, keurig, netjies”; Ndl. (blb. sedert end 17e eeu), ook dial., *adret* uit Fr. *adroit* uit L1. *addiractus*, “goed (af)gerig”, “goed gedresseer”.

**advertensie:** (vandag hoof. in bet.) “reklame”; (vroeër in Ndl., o.a. nog by vRieb in bet.) “kennisgewing”; Ndl. *advertentie*, Eng. *advertisement* via ouer Fr. *advertence* uit L1. *advertentia*, “opmerkzaamheid” (Lat. *ad-*, “tot”, + *vertere*, “wend”, ong. = “aandag trek”).

**advokaatpeer v. avokado.**

**afdraand:** — *afdraande* —, “helling”; eint. subst. gebr. v. teenw. nw. dw. v. Ndl. *afdragen*, reeds 16e/17e eeu in Ndl. gebr. by daling van golfkruin na onder, later veral by wegbou, misk. in Afr. uit seemt. (vgl. egter Bosh VT 165-6); v. ook **opdraand**.

**affêre:** “ding, gebeurtenis, saak, werk”; Ndl. (blb. sedert 16e eeu) *affaire* uit Fr. *affaire* (*à faire* (Lat. *facere*), “om te doen”), dial. Ndl. ook *affeer(en)*, mv. *affeerens* en uit dgl. vorme mntl. met velg. Afr. **affëring**, met pej. bet., gew. ml. “genitalieë” (vgl. gebr. in Ndl. volkst. v. *geschiedenis*); vgl. verder velg. by **doring**, **koring** (q.v.), ens.

**affront:** s.nw., *affronteer*, ww., ondersk. “belediging” en “beledig”; Ndl. *affront* en *affronte(e)ren* (albei blb. sedert 17e eeu en gebr. by vRieb, tans minder in AB), daarnaas in Ndl. volkst. (volkset.?) *afgront* en *afgronte(e)ren*, Eng. *affront*, uit Fr. *affront* (ontln. aan It. *affronto*) en ww. *affronter* (uit L1. *affrontare*, wat verb. hou m. Lat. *ad-*, “teen”, en *frons*, (akk. *frontem*), “voorkop, gesig”, vgl. Afr. *iem. in sy gesig vat* = “beledig”).

**afneem:** “fotografeer”, afl. *afnemer*, “fotograaf”; blb. nie in Ndl. bek. nie, vlgs. Mans KHI wel in Fri.

**Africana:** “meubels, publikasies, skilderye, tekeninge en ander voorwerpe (meer bep. v. antikwariese aard) wat t.o.v. Afrika veral vir S.A. van kultuurhist. waarde is”; wsk. op te vat as subst. gebr. ons. mv. van Lat. b.nw. *Africanus*, v. **Afrikaan**.

**Afrikaan:** eint. Lat. adj. *Africanus*, “wat op Afrika betrekking het”, veral gebr. geword by toep. op bewoners v. Carthaagse gebied nadat dit van 146 v.C. ’n Romeinse provinsie geword het, dan ook t.o.v. pers. wat hulle i.v.m. dié verowering onderskei het (bv. Scipio’s) en later t.o.v. enige inboorling v. Afrika. So in Ndl. tot in 17e eeu v. “inboorling v. Afrika” (Frank TB 97–8) *African/Afrikaan(d)er*, v. ook **Afrikaner** I; in Eng. word *African* tans veral toeg. op lid v. Bantoevolke.

**Afrikaans:** “vorm(e) v. Ndl. wat in S.A. gepraat, geskryf en by wetgewing as een v. d. amptelike landstale erken word”; as b.nw. *Afrikaansch* in Ndl. reeds by Bredero, maar nog nie in toep. op taal nie, in lg. bet. blb. sporadies sedert 1e kwart 19e eeu en dan alg. sedert laaste kwart v. dié eeu t.g.v. propaganda v. Genootskap v. Regte Afrikaanders, v. **Afrikaner** I.

**Afrikaner** I: (ong.) “Afrikaanssprekende”; (ruimer) “blanke Suid-Afrikaner”; (beperkter) “lid v. Hott. stam onder Jager Afrikaner” (± 1800); eerste dokg. (1707) in uitr. v. Hendrik Bibault/Bibout/Biboud: “*k’ hen een Africaander*” (Frank TB 103), in 19e eeu *Afrikaan(d)er/Afrikaner* (in eerste “Notulen” v. d. Gen. v. Reg. Afr. (1875) staan *Afrikaanders* en op hulle wapen *Afrikaners*), sedertdien meest. *Afrikaners*, v. ook **Afrikaner** II.

**Afrikaner** II: “bek. beesras” — vandaar hoofl.; inheems o.a. by Hott. stamme gevind, maar misk. herk. v. Asiatiese *Bos indicus*, ras en naam blb. teen middel v. 19e eeu alg. i. S.A. bekend; i.s. ww. v. **Afrikaner** I; by “beesras” en “skaapsoort” wsk. verb. m. bet. “inboorling”.

**afrikaner** I: soort skaap, ook bek. as *vetstertskaap* (ander name by WAT), by Hott. stamme gevind (maar wsk. uit Asië herk., vgl. **Afrikaner** II), met allerlei ander soorte gekruis en nouliks nog as “skaapras” te beskou.

**afrikaner** II: tuinplant en blom (*Tagetes erecta*, fam. *Compositae*), soms weens mate van uiterlike ooreenkoms ook toeg. op *jakob-regop* (*Pelargonium crithmifolium*, fam. *Geraniaceae*), versk. variëteite, klein en groot (ondersk. bek. as *afrikaner* en *afrikaner-tjie*); herk. uit Amerika en al in 16e eeu in Europa bek., ten onregte beskou as herk. uit Afrika en dan in Ndl. bekend as *afrikaan(tje)*, tans as tuinblom in S.A. gekweek; v. ook **verweeltjie**.

**afrikaner** III: veldplant en blom (*spp. Antholyza* en *Homoglossum*, maar veral *Gladiolus*, fam. *Iridaceae*); Thun FC se dokg. berus wsk. op aant. tydens sy vroeër reise en kan alleen in dié sin ouer wees as dié v. Barr (v. Pet A), ook hier (soos by **afrikaner** II) na grootte *afrikaner* en *afrikanertjie*; is naagewing aan III deur dié v. II beïnvloed? Reeks variëteite, in Afr. veral deur grootte en kleure ondersk., vgl. Mar 4, 140–1.

**Afrikanis**: beoefenaar v. d. **Afrikanistiek** (q.v.).

**Afrikanistiek**: die wetensk. bestudering v. d. tale en kulture v. d. inboorlinge v. Afrika, meer bep. v. S.A. en van die Bantoe groep, v. **Afrikaan** en **Afrikaner** I.

**afrokkel**: “afkonkel, iets v. iem. op ’n slinkse manier verkry”; Ndl. *afstroggelen*; *g(g)/k(k)* lewer moeilikhede op: *bakatel*, *likke=waan*, *pikkewyn* kan as ontl. beskou word (*akkedis* misk. nie) met endklem; *wilger/wilker* het *l* vooraf; Ndl. *nieuwsgerig*/Afr. *nuuskierig* het klem net na *g/k*; by *moggel/mokkel* en *poggel/pokkel* is ondersk. die vorme met *k* en *g* minder gebr.; daarby eis verdwyning van *t* (sink of prok.?) ’n verkl. (vgl. dVil TG 1 3); Ndl. het egter **afrokkenen** (WNT/Supp 1 633, met verwysing na *rokkenen* in XIII 909).

**afslag**: “(’n dier se huid) afstroop, vil”; Ndl. dial. *afslachten*, wsk. d. seemt. in Afr., reeds by Wik “afgeslagt” (Scho TWK/NR 7, afl. 1).

**afstaan**: “afvallig word, in die steek laat” in teenst. m. “bystaan”; Ndl. dial., bv. Gron. *dfstoan* (Scho TWK 14, afl. 1).

**afwis** v. **wis** I.

**ag** I: uitr.; Ndl. *ach* (Mnl. *ach*), Hd. *ach*, Lat. *ah*, wsk. kn.

**ag** II: s.nw. “aandag”, ww. “beskou”; Ndl. s.nw. en ww. *acht*, *achten* (Mnl. *achte* en *achten*), Hd. *acht* en *achten*, hou wsk. verb. m. Got. *aha*, “verstand” en *ahjan*, “glo”, maar herk. hoërop onseker.

**ag** III: — *agt* —, telw.; Ndl. *acht* (Mnl. *achte*), Hd. *acht*, Eng. *eight*, Got. *ahtau*, Lat. *octo*, Gr. *oktō*, eint. ’n dual. = “2 vier=talle”.

**agar-agar**: “eetbare seewier” (*spp. Eucheuma/Gelidium/Gracilaria/Plocaria*, fam. *Lichenoidae*); Mal. *agar-agar*, ook Ndl. (sedert 18e eeu), Eng., Fr. en Hd.

**agdaegeneesbossie** v. **aambe(e)bos**, **pokkiesblom**.

**aggeneis:** die pln. (*Euphorbia gregaria*, fam. *Euphorbiaceae*) hou verb. m. plekn. Aggeneis (AP) ter plaatse verкл. as “die plek waar hulle geslag het”, dan wsk. verb. m. Na.  $\neq a$ , “slag”,  $\neq a\chi a$ , “slaglustig”, en /*hei-s*, “rusplek” of /*kei-s*, “plek”, ong. “slagplek” — fonol. kan 2e lid (*nei-s*) ww. wees van /*hei-s* en van /*kei-s*, hier wsk. van lg. (vgl. Nien HOTT 180–1).

**aghoes I:** — *akoes* — ; WAT gee bet. I, “saam”, II. “maat, spul” (wat blb. albei verb. kan hou m. sy **ghoes**<sup>4</sup>, maar nie met sy **aghoes**<sup>2</sup>/(h)**anghoes** nie) en III. “uitr. by heildronk” (wat blb. weer verb. kan hou met sy **ghoes**<sup>2</sup>, “dop wyn”), lg. kan misk. verb. hou m. Na.  $\neq gu$ , “drink”, maar laat anl. *a-* en ausl. *-s* onverкл., in bet. “gesondheid” misk. te dink aan velg. v. Ndl. *avoes* (Fr. *à vous*) of kontamv. v. lg. en ’n Hott. vorm soos Na.  $\neq gu$  ten tyde v. Franse garnisoen a. d. Kaap; v. **ghoes** II.

**aghoes II:** — (*h*)**anghoes** — , term by d. spel (hasie) ablou of katsels; Frank (TB) se afl. uit Mal. (*h*)**angoes**,” aan(gebrand), ge-/ver=brand”, ens., volkset. *Jang-kose*, is aanneemliker as sy verкл. v. d. naam v. d. spel (**abdolkata**/ablou q.v.); v. **aghoes**<sup>2</sup>/(h)**anghoes** by WAT.

**agie:** “nuuskierige pers.”, gew. in uitdr. *nuusk.* — , soms met by=voeging v. — *van Inkhuiſe*, soortn. uit eien. Aagje, n.a.v. Jan Soet se 17e-eeuse klugtige verh. v. ’t *Nieuwsgierigh Aeghje v. Enckhuysen* waarvan Bormeester ’n klugspel gemaak het.

**agonkel v. katonkel.**

**agorkie/agorretjie/agortjie v. agurkie.**

**agostou v. asgaaiwortel.**

**agretjie:** — *agretta/agriet(a)/agrietjie* — , vlgs. WAT ww. v. *spp. Tritonia*, fam. *Iridaceae* en *Spiraea prunifolia*, fam. *Rosaceae*, maar geskei v. **aigrette** en **egrette** (as aparte lemmas) o.a. in bet. 1. “reiers.”; 2. “verebos” en 3. “plant- en bloms.” (*spp. Tritonia*) en hulle weer apart v. **egret(ta)** net in bet. “reiers.”, terwyl Mar *agretje* (sy Ndl. spelv.) v. *spp. Tritonia* skei v. *agretta* v. *Spiraea prunifolia*. Al hierdie vorme gaan egter terug op Fr. *aigret(te)* met dim. uitg. *-et(te)*, sedert 13e/14e eeu in genoemde bet. bek., hoewel reeds in Mnl. *agret*, “sap v. wyndruif”, blb. nie as pln. bekend nie en in WNT (Supp I 840) ook nie as pln. nie; in Afr. wsk. ook eers sedert 19e eeu as pln. bekend en dan misk. via Eng. *aigrette/egret*; v. ook **reier**.

**agrimonie v. akkermunie.**

**agt v. ag III.**

**+agtenis:** “agting, respek”; Ndl. nog 17e eeu, maar tans veroud. (Scho TWK/NR 7, afl. 1).

**+agterdeel:** “nadeel”; Ndl. *achterdeel* (reeds Mnl., nog by Kil en in 17e eeu o.a. by vRieb in bet. “nadeel”) vroeër gebr. i.v.m. boedeldeling d. oudste en eerste keuse v. jongste erfgenaam af op, tans (misk. om eufem. redes) in Afr. en Ndl. veroud.

**agterkom:** “te wete kom, verneem”, as oorg. ww. reeds by Wik; uit Ndl. verbg. *er achter komen* (Scho TWK/NR 7, afl. 1).

**agterryer:** “bediende te perd, veral op jag en kommando” (1e helfte 19e eeu aanget., vgl. Pet A) t.g.v. moderne vervoer aan verouder, reeds veroud. is *agterruiter* uit dies. tyd (vgl. Scho TWK/NR 7, afl. 1), albei nie in Ndl. nie.

**agterskot:** “betaling aan lede v. koöperasies na bemarking van hulle produkte” (in teenst. m. “voorskot”); in Ndl. blb. alleen gebr. i.v.m. 1. “beskot” en 2. “salaris”.

**agterslag:** 1. “lusriempie waarmee sweep aan sweepstok verbind word”; 2. “agterste dik gedeelte v. sweep”; 3. (minder bek.) “deel v. sweep net agter voorslag” (WAT); gew. in teenst. m. “voorslag”; blb. nie in Ndl. nie, wel *slag* (vgl. Scho TWK/NR 7, afl. 1).

**agtersteek I:** “soort steek by naaldwerk” (soos by WAT, ook Ndl.), vereis geen verkl. nie.

**agtersteek II:** “manier v. skoffel” (soos by WAT, blb. na vb. v. *agtersteek I* en nie in Ndl. bek. nie).

**+agtersteek III:** “soort trippelgang/-pas v. perd” (nie in WAT nie), ook bekend as *pasagtersteek* en *agtertrippel*, kan misk. ook verb. hou m. *agtersteek I* (vgl. Scho TWK 14, afl. 4), nie in Ndl. nie; v. ook *pasagtersteek*.

**agtersten:** dial. in taal v. nie-blanke vissers v. “agterstewe”; Ndl. *achterstevan* (reeds 16e eeu in seemt., by Kil *achtersteve*), v. *sten I*.

**agtertang:** “V-vormige verbinding tussen langwa en asbalk v. wa”, reeds 17e eeu in Kaapse Stukke (Scho TWK/NR 7, afl. 1); Ndl. *achtertang* = *achterklauw*, “soort klem aan skaafbank”.

**agtertrippel v. agtersteek III.**

**agtuur:** — *aguur* — , 1. tydstop; 2. oggendete, v. ook *brekfis*, *onthyt*, *vroegkos*, *vroegstuk*.

**agurkie:** — *agorkie/agorretjie/agortjie* — , 1. mak en wilde soorte komkommertjie (*spp. Cucumis*, fam. *Cucurbitaceae*); 2. soorte veldkos (*spp. Stapelia*, fam. *Asclepiadaceae*), dim. uit Ndl. *augurk* (vroeër ook *agurk* e.a. ww.), wsk. eers sedert 17e eeu via Pd. *agurke* (Hd. *gurke*) uit Slaw. tale (reeds met dim. suf., vgl. Poo. *ogórek*) uit Pers., sowel Eng. *gherkin* (via Ndl. ontl.) as Hd. *gurke* het prok. van *a-* of *au-*.

**aguur v. agtuur.**

**ahorn:** naam v. versk. booms., o.a. die esdoring (*spp. Acer*, fam. *Aceraceae*); Ndl. *ahorn* (reeds by Kil) ontl. aan Hd. *ahorn*, van onseker herk., misk. verb. m. Lat. b.nw. *acernus* afg. v. *acer*, “esdoring”, of m. Lat. *ornus*, “bergesdoring”.

**aia:** — (voor eien. gew. *ai*, vgl. *tante/tant*) — , “naam en aansprv. v. nie-blanke vrou”; in Eng. en veral Ind.-Eng. *ayah* (vgl. ook Schu KS IX 115), blb. vroeër ook in Ind.-Ndl., maar daar verdring deur *baboe*; uit Port. *aia*, “kindermeisie; verpleegster”, wsk. verb. m. Ll. *aidus*, Fr. *aide*, “helper”, Eng. *aid*, “hulp”. Wackernagel se verkl. uit Lat. *avia* (deur Frank TB 40 vermeld) lewer groter besware op.

**aidon:** dial. en skertsend (o.a. in Boesmanland, vWiel 150) v. *esel/donkie* (q.v.), ook as *asbek*, *grysbok*, *vaaltorra* en *vale bek.*; 1e lid *ai-* misk. verb. m. Na. */hei*, Kor. */hai*, “vaal, geel wees”, en 2e lid *-don* misk. d. byg. aan *don(kie)*, minder wsk. aan vroeë Na. *dan(na-b)*, “kop” (Nien HOTT 352 s.v. **kop** III), d.w.s. lett. “vaalkop”, vgl. *asbek*.

**aigret v. agretjie.**

**aikôna v. haikôna.**

**air:** dikw. in mv. *airs*, “aanstellerigheid; houding, voorkoms”; wsk. uit Eng. (hoewel ook in Ndl.) *air*, “houding” (in Eng. ook “lug”) uit Fr. *air* uit Lat. *aer*, Gr. *aêr*, “lug”, ontw. v. bet. wsk. uit dié v. “lug” — “atmosfeer”.

**aisa v. aits(a).**

**aispaai v. aspaai.**

**aits:** — *aitsa*, (by WAT ook) *aisa/haits(a)/heits(a)* — , uitr. As gevoelsuitinge word uitrw. maklik oor en weer ontl. en daarby neem hulle versk. vorme aan (vgl. Gra), sodat herk. en bet. onseker bly. Bosm (AMP 50, OOA<sup>1</sup> 77 en OOA<sup>2</sup> 76) aanvaar blb. herk. uit Na. *aise* (soos by Mein I.NS 100, as o.a. uitr. v. verba=sing), maar dit kan ook deureengeloop het m. *etse/etsê* (q.v.).

**ajoo:** — *ajosie* —, versk. swam- en plants. (o.a. *Phellorina delestrei*, fam. *Podaxaceae*), o.a. ook bek. as *duiwelsbrood*, *duiwelsdrek* en *duiwelsnuif*, met prot. *a-* soos by *ada(h)lia* (v. **dahlia**); Ndl. en dial. *joosjes*, *joosje(s)brood*, *joosjespoep*, na 'n naam vir die duiwel (v. **joos/josie** en Bosh TWK XII 1, 1952).

**ajuin:** (min gebr., hoofsk. nog net v.) “knolgewas” (*spp. Urginea*, fam. *Liliaceae*); Ndl. *ajuin*, “ui” (Mnl. o.a. *ayuun/ayuen*, *aiuen*, *anjuun*, *onioen*, by vRieb *ajuin/ajuyn*) òf vroeg uit Rom. *unio(nem)* òf later uit Fr. *vignon*, Eng. *onion*; en v. **ui**.

**akasia:** ben. blb. sedert 16e eeu in toenemende mate in intern. gebr. vir groep peulplante (fam. *Leguminosae*) wat in S.A. inheemse soorte insluit (bv. gew. doringboom, haak-en-steek, kameeldoring, trassiebos) en (meest. uit Austr.) ingevoerde soorte (wo. mimosa, wattel, ens.); die wd. hou verb. m. Lat. *acies*, “punt”, *acus*, “naald”, *acutus*, “skerp” en Gr. *akê*, “punt”, wsk. n.a.v. “dorings” wat in mindere of meerdere mate by die meeste voorkom.

**akka v. kakka.**

**akkawieta v. akwaviet.**

**akkedis:** “reptiel”, hoort by *Lacertidae/Scincidae*, — *akkel-/akker-* *dis* —; Ndl. *hagedis* (Mnl. *hagedisse/-tisse*, *eghedisse/-tisse*, Kil *h(a)eghdisse*, reeks dial. ww., vorme m. anl. *h-* hou volkset. verb. m. *haag/heg*), Hd. *eidechse* (Mhd. *egedehse*), Eng. *ask(er)*, *eft* en *newt*; herk. onseker; 1e lid in verb. gebring met o.a. Gr. *exis* en *ophis*, “slang” en 2e met Ndl. *dissel*, “byl”, en met Ll. *quadrupedia* (vgl. Hd. ben. *vierbein*); v. ook **geitjie**.

**akkedispoet v. paddaklou.**

? **akkel:** gew. mv. *akkels*, in verbg. *akkels maak*, “presteer; flikkers gooi”, skyn verb. te hou m. *akkeltasdraaie maak*, “iets spoggerig doen”, en ook m. *appel maak*, “pronk, spog”, misk. met byg. aan *akkelpienies gooi* (almal by WAT), maar herk. en verb. onseker; v. **akkelpienies**.

**akkeldis v. akkedis.**

+**akkelpienies:** in verbg. *sy* — *daar gooi* (dial. v.) “daar vry”; misk. verb. m. WVl. *abergilië/akerhiliën* (WNT/Supp I 291, 847 en Debo) met wy.; verb. m. Sp. *obrezilla/obrecilla*, “werk” (verderop m. Lat. *opus*, “werk”) veronderstel, maar onseker.

? **akkeltasdraai v. akkel.**

**akkelwanie v. akkerwanie.**

**akker I:** “stuk land/veld; stuk ploeggrond van bep. grootte; (veral dim.) stukkie tuingrond”; Ndl. *akker* (Mnl. *acker*), Hd. *acker*, Eng. *acre*, Got. *akrs*, Lat. *ager*, Gr. *agros*, hou wsk. verb. m. Lat. *agere*, “dryf”, ontw. v. bet. wsk. v. “land waarop vee gedryf word” tot “land waarop geploeg word”, maar verb. m. Lat. *arare*, “ploeg”, onseker.

**akker II:** “vrug v. akkerboom/eik, eikel”; Ndl. *aker* (ouer en dial. ook *akel*, Mnl. *aker*), Eng. *acorn*, Hd. *ecker*, Got. *akran*, “vrug”, verb. m. Gr. en Lat. vorme twyfelagtig; oordr. “kop v. *penis*”; wat Ndl. betref, is dit veral N- en SHoll. (WNT/Supp I 847 en Kloe HGA 170 en kaart 171).

**akkerdis v. akkedis.**

**akkermonie:** — *agrimonie* —, pln. v. *Agrimonia eupatoria*, fam. *Rosaceae*; Ndl. *agrimonie* (en dial. ww., sedert 16e eeu), Eng. *agrimony*, naas Lat. *agrimonia* ook *argemonia*, Gr. *argemonê*, misk. verb. m. Hebr. *argaman*, “persrooi, purper”.

+ **akkerwanie:** — *akke(l)wanie* —, pln. veral v. *Cymbopogon marginatus*, fam. *Gramineae*, ander volksn. by WAT; ss. uit Mal. *akar*, “wortel”, en *wangi*, “welriekend” (skerp reuk hou motte uit klere, vandaar o.a. *mottekruid* genoem).

**akkies v. kakka.**

**akoes v. aghoes I.**

+ **aks I:** — *aaks* —, “byl”; Ndl. *a(a)ks/aakst* (wsk. na vb. v. Hd.) (Mnl. *aecs/a(e)x*, Kil *aeckse*, 17e eeu ook *hax*), Hd. *axt*, Eng. *axe*, “(stryd)byl”, verb. m. Lat. *ascia*, Gr. *axinë*, “byl”.

**aks II:** dial. v. “in orde, in die haak”, vgl. **haaks** (q.v.), *haaks/haks*, 1. “reghoekig; vriendelik”, maar ook teenst. 2. “onenig, onvriendelik”.

**aks III:** “een-*ag(t)s(te)*”, (oordr.) “’n bietjie”; Ndl. *een achtste*; i.v.m. *g/k* vgl. o.a. **steeks** (q.v.).

**aksionabel:** — *aksenaal/aksenawel* —, “afdwingbaar, lasterlik, onregmatig, strafbaar” (ander ww. en bet. by WAT); nie in WNT of by dGra FWN nie, dokg. in Afr. 1875 (Scho TWK 14, afl. 1) en mntl. d. Eng. regspleging uit Eng. *actionable* waar baie gebr.; vgl. **gesnaalwaar, resnawel**.

**aktuaris:** “wiskundige wat versekeringspremies en -risiko’s bereken en maatskappy adviseer”; Ndl. *actuaris/aktuaris*, Eng. *actuary* uit Lat. *actuaris* en dus doeb. v. **aktuaris** (q.v.), “akteskrywer, klerk”.

**aktuarius:** “lid v. kerklike Moderatuur m. taak om d. Sinode i.s. Kerkreg, ens., te adviseer”; Lat. term, v. **aktuaris** ter ondersk. teenoor *aktuaris* as doeb.

**akwaviet:** — + *akkawieta* —, “brandewyn”; Ndl. *aquaviet*, Eng. *aqua vit(ae)*, uit Ll. *aqua vitae*, “lewenswater” (lett. “water v. d. lewe”).

**alabama:** — *alibama* —, “hoedband; kinderspel en lied; iets groots”; verb. m. Inda. naam v. Am. staat en/of skip en/of hist. skadevergoedingsaak i.v.m. die skip in die jare sewentig v. vorige eeu nie duidelik nie; die Afr. volksliedjie wys op kennis v. skip.

**alaksa v. laksel.**

**alang-alang:** versk. soorte gras (bv. soorte *Pennisetum* en *Imperata*), in Afr. ook bekend as *beddinggras* en in Ndl. *rietgras* (albei *Imperata cylindrica*, fam. *Gramineae*); Ndl. *al(l)ang-al(l)ang* (sedert mid. 18e eeu), Mal. en Ljav. *alang-alang/(i)lalang*.

**albakoer:** — *albekoer(d)/albikoor* — (volkset. ook *alber(t)koord/(h)alfkoord* —, viss. (*Seriola lalandii*, fam. *Carangidae*); Ndl. (sedert 17e eeu) *albe-/albi-koor*, ook volkset. *hal(le)ve koor*, ens., Port. en Sp. *albacora*, Eng. *albacore*, Fr. *albicore*, geen verb. met Lat. *albus*, “wit”, nie, maar wel met Arab. *al-* (lw.) + *bukr*, “jong kameel; vers”.

**albaste:** in Afr. veral bek. in verbg. *albaste fles* (Bybelt.) as attr. gebr. b.n.w. van *albas*; Ndl. *albast* (Mnl. *al(a)ba(e)ster*, by Kil *a(la)bast*) met byv. vorme *al(a)baste(re)n*, soos Hd. en Eng. *alabaster* verb. met Lat. *alabastrum* en Gr. *alabastros/alabastos*, wsk. verb. met naam v. Eg. stad *Alabastrum*; in Afr. doeb. v. **albaster** (q.v.).

**albaster:** in Afr. veral bek. in bet. “knikker” en doeb. van **albaste** (q.v.); Ndl. (veral in kindt.) *albast/basje*, “knikker van albast”, maar enigsins verdring deur *basje* en *knikker*.

**albekoer(d)/alber(t)koord/albikoor v. albakoer.**

**albino:** “bep. wit pigmentasie v. huid, hare, blare of blomme v. mens, dier en plant”; intern. wd. (sedert 18e eeu in Eng.) uit Port. uit Sp. *albino* uit Lat. *albus*, “wit”; v. ook **kakkerlak**, **witkaffer**, **witskepsel**.

**alewee/alewyn v. aalwyn.**

**alfaam v. halfaam.**

**algar:** “almaal”; Ndl. *allegaar* (tot in 17e eeu o.a. *algader(e)*/*alle-gader(e)*), vgl. Afr. *vergader(ing)/vergaar*), uit bw. *al* + *gader*, mntl. beïnv. deur Ndl. vorm *altegader* (vgl. Eng. *altogether*).

**alibama v. alabama.**

**alikeukel:** — *ali-/are-/ari-* + *-kreuk(el)/-kruik(el)/-kruk(kel)* en minder gew. *-kurk/-krekel* (met klem op eerste of tweede lid) — , soort seeslak (*spp. Litorina*, fam. *Litorinidae*); Ndl. *alikuik* (sedert 17e eeu, ook in dial. ww., maar gew. beskou as Se.). Daar anl. *h* in Se. gew. wegval, word aan ongedok. Gr. (*h*)*alikoxlos*, “see-slak” (uit Gr. (*h*)*als*, “see”, en *koxlos*, “slak met spiraalskulp”) by eerste lid gedink en (enigsins huiwerend) gesoek na verb. met Gr. visserst. v. d. Middellandse See, terwyl by tweede lid verb. gesoek word met ww. vorme *kreukel/kruikel* en *kronkel* (vanweë die vorm v. d. seeslak se skulp).

**aljimmer:** “altyd, steeds; telkens”, — (*al*)*jimmers/(al)jummer(s)* — , *aljimmers* by Trig en uit tweede helfte v. d. eeu (*al*)*jummer(s)/aljummerdeur* (Scho TWK 14, 1, p. 4 en 17 en NR 7, 1, p. 25), met of sonder prot. *al-* soos in *alewig* (vgl. Ndl. *almeer*, *altijd(s)*, *altoos*) en met of sonder byw. *-s*, hou verb. met *immer(s)* en *mos II* (q.v.) en met Ndl. *immer(s)* (uit ouer *ie-*, “ooit”, + *meer*) wat in oostelike dial. ook vorme met anl. *j-* het, bv. *jimmer(s)/jummer(s)*.

+ **alkaster:** soort durumkoring (*Triticum durum*) wat ooreenkoms met ons “kafferkoring” het. Met ’n epent. *t* tussen *s-* en *-(e)r* (vgl. *paster*, *waster*, ens.) kan dit verb. hou met die Ndl. dial. *allekasser* (s.v. *alikas*), “’n soort gekleurde albaster”, maar of dié soort koring sy naam aan die albaster ontl. het of andersom en of die naam verb. hou met **albaster** (q.v.), is nie sonder meer uit te maak nie (vgl. WNT en Supp en Boek ZV).

+ **alkatief:** — *alkatyf* — , “tapyt; strooimatras”; WAT behandel hulle as aparte lemmas en noem net die tweede “veroud.”; Ndl. (sedert eind 16e eeu by vLin in vorme met *ie* en *y* en in albei bet.) *alcatief/-tyf*, Ind.-Eng. *alcatif*, Sp. en Port. *alcatifa/alquetifa*, uit Arab. *alqatifa*, na die naam van die stad Al (El) Katif aan die Pers. Golf.

**alla:** uitr. v. verbasing, misnoeë, ontsteltenis, ens., soms voorafgegaan deur *O!* en dikw. verbind met o.a. *-giftig*, *-kragtig*, *-magtig*, *-maskas*, *-mastig*, *-matjies*, *-mensig*, *-mintig*, *-wêreld* (by Scho TWK 14, 1, p. 4-5 gedok. verbg. met *-matjiesgoed* uit eerste en met *-mapstieks* uit tweede helfte v. d. 19e eeu), naas vorme op *-tig* gew. ook *-tag* (waaruit uitr. *tag!* geabstr. is); en naas *alla-* ook *alle-*; Ndl. *al(l)a(h)*, uitr. tot aansporing of van verwondering (in lg. bet. “vooral in het Zuiden”) wsk. nie uit Fr. *allez* nie, eerder

misk. invl. via Sp. *ole* uit Arab. *ualah*, “vooruit” (WNT/Supp 924). Vir Afr. is verb. gesoek met Allah, Arab. naam vir God (Cha, Mans KHI, dTo P 40, Hes HA<sup>2</sup> 82 en vWel VAH 300), maar aanneemlikste lyk abstr. uit ss. met *alla-/alle-* (Bosm AMP 49–50).

**allensies:** “gaandeweg, geleidelik, langsamerhand”, nie by WAT nie, wel *allengs(kens)* in dies. bet.; Ndl. *allengs(kens)* met reeks ouer ww. wu. blyk dat die wd. nie verb. hou met *lang(s)/lengte* nie, hoewel lg. invl. daarop kon gehad het, maar te verkl. is uit *al + een + (adv.) -s + (dim.) -kine + (adv.) -s* (lett. “een vir eentjie”), met ’n tweede *l* na die vb. v. *alleen* (uit *al + een*).

**allespraatjies:** - *alpratjies/al praatjies* (in aanh. by Pet A 28)/*aderjan-praatjies* (Malh DF AS 99) —, almal volkset. vorme v. Eng. *iron-pyrites*, “swaelkies”.

**allewee/allewyn v. aalwyn.**

**almal:** met kort *a* in slotletg. (vgl. *algar*); Ndl. *allemaal* (ouer *alte=maal/altemale*); die Afr. vorm *ammal* (nie in WAT nie) te vergelyk met SNdl. *ammaal/ammel*.

**almaskie:** — *almiskie/amma(l)skie/mas-/mes-/miskie* —, “altemit, nietemin, tog”, in bet. soms moeilik te ondersk. v. *miskien* (soos deur Cha verkl.); met prot. *al-* (vgl. *aljimmer*, *allensies*, ens.) wsk. via Ndl. (bv. in 17e-eeuse klugte) uit Mal.-Port. *maski* (Port. *mas que*, v. WNT IX 284 en Hob-Job s.v. *maskee*); v. *maskie*.

**almelewe:** — *ammelewe/ammeleë/am(me)lee*, ens. —, “altyd, gedurig, steeds”, vgl. ook *vanmelewe/vans(e)lewe*, ens.; Ndl. *al mijn leven*, vgl. *al zijn leven* (WNT/Supp 869).

**aloentjie v. laloentjie.**

**alpratjies v. allespraatjies.**

**als I:** verk. vorm (veral in kompo. soos *wildeals*, soos *bras* in *steen=bras* naas simp. *brasem*) van *alsem* (aparte lemmas in WAT); Ndl. *alsem* (Mnl. en nog by Kil *alsen(e)*, dial. *als(e)/a(a)lst*) maar vorm op *-em* tog wel baie oud, Hd. *alsem* (ouer ook *alsen/else*), hou verb. m. Lat. *aloxinum* en Gr. *alóê oxinês* (spp. *Artemisia*).

+ **als II:** deftig en veroud. v. *as* (v. **as II**).

**als III:** verk. vorm v. *alles* (by WAT as elisie v. *al's*); sametr. reeds in Ndl. (WNT II 198, 238 en Supp 946).

**altemit:** “dalk, miskien”, — *altemits/altemitter(tjie)s* — (die eerste met of sonder adv. -s, die tweede alleen met -s); Ndl. (waarby ouer en dial. vorme) *altemee/altemet(s)/altemetters/altemit(s)*, afg. van *al* + *te* + subst. gebr. bw. *met/me(d)e* (WNT/Supp 988, wat vroeër verkl. verwerp); kyk ook Bosh VT 112-3 en Scho TWK 14, 1, p. 5.

+ **alterasie:** “ontsteltenis, skrik, verbouereerdheid, vrees”; Ndl. *alteratie* (soos Fr. *altération*) sedert 16e eeu in dié bet. bek., nog in 17e eeu by vRieb wat ook *gealtereerd* (vgl. Afr. *veraltereerd*) ken (sedertdien blb. veroud.), asook (weer eens soos Fr.) in bet. “verandering”, so ook Eng., maar tans onbek. in Ndl. en Afr.

**altoos:** “altyd; telkens”; Ndl. *altoos* (Mnl. *altoos/altoes*, wat verb. hou m. Mnl. *tooch* en Mnl. ww. *tien*, “trek”, dus “elke trek, keer, maal”) eint. byw. gebr. verboë vorm v. *tooch* (vgl. Mned. *altoges*, Ohd. en Mhd. *alzoges*).

**altydbos:** pln. (*spp. Staavia*, fam. *Bruniaceae*) vlgs. Mar 6, 109; v. ook *gat-/tatgai*.

**alwas:** sametr. (soos by *hoekom*, q.v.) van *al was* 't/dit, vgl. Ndl. *al ware het/al waar* 't/alwaart en *al is* 't (WNT II 88, Supp 883).

**amaas:** “huiduitslag” (as ligte soort masels beskou); terugontln. uit Xh. *i-masisi* wat op Afr. *masels* berus (Nien X 18).

**amabele:** — *mabêla* —, “kafferkoring” (veral in Natal), d.w.s. *Sorghum caffrorum*; Zu *i(li)bele*, mv. *amabele* (Doke-Vil).

**amadoda:** “mans”, verskyn veral op stasielatrines vir mans (vgl. *abafazi*); mv. v. Zu. en Xh. *in-doda*; in Ngu. is *d* na nas. sth., maar in ander posisies kan dit stl. wees, vandaar uitspr. *amatota/amatôta*, by baie Afrikaners *matot/matôt* (vgl. Lou-Jub, par. 1. 13).

**amadoembie:** pln., 'n soort varkblom (*Arum esculentum*, fam. *Araceae*), — *madoembie* — (Pet A skryf plv. *amadumbies* en in aanh. *amadoombies*: WAT *amadumbi*); Zu mv. v. *i(li)dumbe*, minder gebr. ww. *i(li)dumbi* (Doke-Vil), nie uit te maak aan watter vorm Afr. ontln. is nie, want swak bekl. ausl. -e kan in Afr. ook -ie word (vgl. Afr. *kielie*, *horlosie/oorlosie*, *sarsie* met Ndl. vorme).

**amadou:** “sponsstof uit swamgeslagte” (hoofs. in wetensk. kringe bekend en misk. nog met Fr. uitspr. *amadoe*); vroeg 18e eeu in Fr. *amadou* uit Prov. *amadou* (ouer *amador*) uit Lat. *amator(em)*, afl. v. *amare*, “bemin”, na bewering vanweë “ontvlambaarheid van 'n minnaar” (*amador/amator*).

+ **amakwa**: kom by WAT voor in ss. met verbg.-s by *-boom* en *-doringboom* (albei fam. *Leguminosae*) en *-koring* (fam. *Gramineae*); hou verb. m. Hott. stamnaam *Namakwa(s)*, waarvan sedert eerste kwart van 18e eeu ww. soos *Amaquas/Macqua/Mackwas/Makwas* (o.a. GMR II 20, publ. vRV 15, p. 280, die oudste by But  $\pm$  1725).

**amalaita** v. **malaita**.

**amalinde**: “kommetjiesveld”, plekn. Amalinda; Xh. mv. *ama-linde/ama-lindi*, “land vol holtes” (*um-lindi*, “holte”).

**amaling** v. **soetamaling**.

**amandel**: — *amalling/amangel* (dial. en plat), blb. net i.v.m. “vrug” en i.v.m. “klier” die doeb. *mangel* gebr.; Ndl. ondersk. nie en gebr. *amandel/mandel/mangel* (WVl.) *amangel* almal, nes Hd. *mandel*, vir “vrug” en “klier”. Eng. het *almond* (vir “vrug”) wsk. via ouer Fr. *amande/almande* (met *l* misk. aan Arab. *al-* toe te skrywe). Al hierdie vorme hou verb. met Lat. *amandula* (uit *amygdala*) uit Gr. *amugdalé* (vgl. *anugdalos*, “amandelboom”).

? **amangelaghoes**: (dial. en weinig bek.) term by drinkgewoonte v. Hott. (en Kleurlinge?); misk. te dink aan ss. van *amangel* (ww. van *almal/ammal*?) en **aghoes** I, ong. in bet. “op almal saamdrink”?

**amaramba** v. **maramba** I en II.

**amarankie/amarinkie** v. **marakka**.

**amasie**: “suurmelk”; Ngu. mv. *ama-si* (“suurmelk; melkerige plante=sap”), ekv. “’n stuk dikmelk” (*i(li)-si* — Doke-Vil).

? **amasoembiesie**: pln. (nie deur WAT geïd. nie wat dit ’n “soort eetbare wortel” noem); lyk na Ngu., maar nie gevind nie; laaste lid kan misk. agterv. of uitg. *-beza/-bezi/biza/-bizi-* wees.

**amatoengoeloe**: pln., ook bekend as *Natalpruim* (*Carissa grandiflora*, fam. *Apocynaceae*); Zu *i(li)-thungulu*, mv. *ama-thungulu* (Doke-Vil).

**amatota**: — *amatôta* —, 1. ww. v. **amadoda** (q.v.); 2. “inboorlingben. v. d. skurwejantjie” (WAT), misk. het hierdie ww. in Ngu. tot ’n doeb. ontw. in die toep. op hierdie “mannetjie” v. d. “ouvolk” (*Cordylus giganteus*, fam. *Cordylidae/Zonuridae*); v. ook **ouvolk**, **skurwejantjie**.

**ambag**: “beroep, nering, werk”; Ndl. *ambacht* (Mnl. *ambacht/ambocht*, lg. ook dial.), Hd. *amt*, Got. *andbahti/andbahts*, met ander Germ. vorme herlei tot Gall. *ambactus*, “dienskneg; slaaf”, vgl. ook **amp**.

**ambagter:** neol. v. “ambagsman”, afg. v. *ambag*, wsk. na anal. v. *jagter*, *slagter*, ens.

+**barbarot**: “chirurgynshulp” (by vRieb 1.7.1656), hou wsk. verb. met *barbier* (in destydse bet.), in Ndl. dial. ook vorm *barboks* (WNT II 1011), maar nòg hierdie vorm nòg *barbarot* duidelik (vgl. Fr. *matelot*, “matroos”).

**barbel/barber** v. **babber**.

**barberton** v. **sjimjaan**.

**barger** v. **baar** V.

**barlemot(peer)** v. **bergamot(peer)**.

**barlewiet**: ook bek. as *kaalgras* en *nepal* (*spp. Hordeum*, fam. *Gramineae*); Eng. *barley-wheat* (dPles SJ), ook ww. *barlewik*, v. ook **boekweit**.

? **barlinka**: “druifs.”, deur A. I. Perold uit Algerië na S.A. gebring; herk. v. naam onbekend.

+**barm**: “viss.”; vRieb (13/14.12.1660) praat van: “veel schoone barm ende andre vissen” (vlg. WNT II 1027 dies. as ons baber, wat gew. nie geëet word nie) en (22.10 of 11.1657) gebr. hy vorm *barmer* en vergelyk hy dié vis met “de Hollandse snoeck”; die vraag is of sy *barm* en sy *barmer* dies. is en of hulle (albei rivier=visse) by ons babers tuishoort.

**baro(e)** v. **kambro**.

**barradoes** v. **rabbedoe(s)**.

**barrage**: “studam in rivier”; ook Ndl., maar wsk. via Eng. uit Fr. *barrage* (verb. m. Fr. *barre* en **baar** IV), vgl. **garage**.

**barrakoeda**: “viss.” (*spp. Sphyaena*, fam. *Sphyaenidae*); Eng. (uit Am.-Sp.) *barracuda*, langs kus v. Transkei en v. Natal toeg. op seesnoek (Eng. *sea-pike*) en ook op katonkel (*spp. Scomberomorus*, fam. *Scombridae*), in Natal ook bek. as *kingfish*; maar name *barracouda*/*barracouta* dikw. verwar.

**barrakoeta**: “viss.”. Austr. naam *barracouta*/*barracouda* (ww. v. *barracuda*) langs Natalse kus toeg. op snoek (*Thyrsites atun*, fam. *Gempylidae*, orde *Percomorphi*).

**barro(e) v. kambro.**

**bartel:** (dial. v.) “gedoente, rumoer, rusie” (WAT), hou dit verb. m. *barteling* (dial. v.) “gedoente, gesukkel” (Voorl. Byvoegsel by WAT) en/of ook met Bartel (Scho TWK 14, 1, p. 6–7 en 14, 4, p. 187)?; verb. tussen *bartel* en *barteling* lyk wsk., dié van hierdie paar met Bartel minder wsk.

**bas I:** “buitelaag om hout van boom”; Ndl. *bast* (Mnl. *bast*), verb. met Mnl. ww. *besten*, “ryg”, wu. Fr. *batir*, “bou, inryg” en It. *bastire*, “bou” (n.a.v. primitiewe huise v. vlegwerk), Hd. en Eng. *bast*, verderop verb. m. Lat. *fascis*, “bondel” en Gr. *phaskos*, “lang, harige boommoss”, deur oordr. v. bet. ook “huid, vel” (v. mens en dier), “liggaam” en “looibas” (’n soort wortel).

**bas II:** “lae manstem”, ens., “bassinger”; Ndl. *bas* (nog nie by Kil nie), soos Hd. en Eng. *bass* regstreeks of via Fr. *basse* uit It. *basso* uit Lat. *bassus*, “laag”.

**basaar:** 1. “mark, winkelstraat, winkelmagasyn, winkel”; 2. “lief=dadigheidsverkoping” (veral in S.A. en veral in Eng.); Ndl. *bazaar* (sedert 16e eeu, ou spelv. *s/z*), Hd., Fr., Port. en Sp. (die meeste sedert die 17e eeu) *bazar* en Eng. *baza(a)r*, wsk. via It. (sedert 14e eeu) en Tur. uit Pers. *bazar*.

**basboom v. blikwortel(boom), wattel(boom).**

**basella v. bansel(l)a, pasella.**

**basil:** sg. “kommabakterie”, sedert Müller (voor 1850) se beskrywing min of meer intern. in wetensk. taal as *bacillus* (Ll. dim. v. *baculus/baculum*, “staaf”), in Ndl. *bacil*.

**basilisk v. baskelis(k).**

?+**basjan I:** “soort bont seevoël”, — *bassian*/(dim.) *bassiaantjie* — (*spp. Procellaria*, fam. *Procellariidae*), deur Frank (TB 126) in verb. gebring met ou reisigers se *fayson/faison/feyson* en afg. v. Port. *fejiao*, “soort boontjie”/*fejioes*, “gespikkel”, maar Scho (PD 4) beweer dat die genoemde voëls. die seeduif (*Daption capensis*) is; herk. onseker; vgl. ook Scho (TWK 14, 1, p. 7).

**basjan II:** “iemand met ’n harde stem” (weinig bek.); misk. geleent=heidss. v. *bas*, “bassinger”, + eien. *Jan*, vgl. *bangjan*, *maljan*, ens.

+**basjan III:** — *bastiaan* —, “slaaf wat in Suriname lyfstraf moes uitoefen” (weinig bek.); Ndl. *bastiaan*, misk. uit eien. *Bastia(a)n* uit *Sebastia(an)*, met byg. aan Sp./Port. *bastonada*, “slae”.

+**basjan** IV: “lomperd, sukkelaar”; misk. met Ndl. *basjander*, “’n onvrye”, in verb. te bring, mntl. met byg. aan *bastiaan* (vgl. *Afrikaan/Afrikaander/Afrikaner*).

**baskelis(k)**: (dial. en plat v.) “adder” (*Vipera cerastes*, fam. *Viperidae*) en “akkedis” (*Basiliscus americanus*, fam. *Iguanidae*), maar veral vir “allerlei skadelike en gevaarlike diertjies in die volksgeloof” (kom bv. uit ’n bep. soort eier en sy aanblik is dodelik), -sk- soos by **aapskeloeder**; Afr. en Ndl. gew. *basilisk* (reeds Mnl. *basilisc* e.a.) via Lat. *basiliscus* uit Gr. *basiliskos*.

**basoetjie** v. **bisseuxtjie**.

**bassement** v. **balsement**.

**bassian** v. **basjan** I.

**bassie** v. **seebassie**.

**basta** I: uitr., “genoeg! hou op! skei uit!”; Ndl. *basta* (sedert 17e eeu, bv. by Bredero) uit It. *basta*, maar FvWvH meen uit It. of Port., terwyl Frank (veral TB 112–3) “Basterport.” (d.w.s. Mal.–Port.) herk. voorstaan. Eng. kon dit via It. of Sp. *basta* gekry het, soos Klu (EW) vir Hd. aanneem, terwyl Fr. *baste* reeds in die 16e eeu het. In die 17e eeu feit. ’n intern. wd. in die seemt. en soldt. wu. wsk. aan die Kaap opgeneem (soos deur WNT, Bosm AMP 81, en Bosh VT 135 aanvaar).

+**basta** II: “kaartspelterm” (weinig bek.); Ndl. *basta* (sonder vermelding v. ouderdom, en misk. met slot-*a* onder invl. van **basta** I) uit Sp. *basto*, “stok”, want vroeër het daar op die betrokke kaarte knuppels verskyn (vgl. nog Eng. *clubs*), nou deur klawers verwang. It. het (soos Sp.) *basto* en Fr. *baste*.

**bastardo**: “druifs.” (deur A. I. Perold uit Portugal ingevoer), deur Mich beskrywe as “schwarzrote, sehr süsse, frühreife Weintraube”.

**baster**: “oneg” (by mense “nie uit wettige huwelik gebore nie”; by diere “uit vermenging v. versk. maar verw. soorte geteel”; by plante “deur kruising v. ongelyksoortige plante gekweek”); Ndl. *bastaard/basterd* (Mnl. *bastaert*), Hd. en Eng. *bastard* via Ofr. *bastard* (Fr. *batard*), It. *bastardo*, Ll. *bastardus*; blb. van vroeg 18e eeu in Ndl. (misk. iets later in Afr.) gebr. by naamgewing aan diere en plante (Scho PD 80 en TWK / NR 7, 1, p. 28); ’n besondere sem. ontw. is byw. gebr. in bet. “min of meer; taamlik; wat hom voordoen as”, bv. *die meisie is ’n baster seun; dit is baster warm*, ens. (WAT en Kem WFA 54).

**bastergaljoen** v. kraaibek, papegaaivis, snoekgaljoen.

**bastergeelhout** v. geelhout, oudeniekwa(s)geelhout, oudeniekwalander.

**basterhartbees** v. injala, njala, tsessebe.

**basterhottentot** v. janbruin, das II.

**bastersaffraan:** pln. (vlgs. Mar 72, 117 *Pleurostyliia capensis*, fam. *Celastraceae*), v. ook **saffraan**.

**basterysterhout** v. witysterhout.

**bastiaan** v. basjan III.

**bastroentjie** v. boestroentjie.

**batalje** v. petallie.

**batata** v. patat.

**batis** v. betis.

**baviaan** v. bobbejaan.

**bawer** v. baber.

**bawiaan** v. bobbejaan.

**beddinggras** v. alang-alang.

**beentjie:** (in uitdr.) *van stukkies tot —*; Ndl. *van stukjes tot beetje* (Scho TWK 14, 1, p. 7).

**bees:** “rond” (*Bos taurus*); Ndl. *beest*, “dier” (van ’n insek tot ’n walvis), vandaar vroeër, soos o.a. by vRieb, *koebeest* (duidelik=heidshalwe naas *beest*), maar 17e-eeuse Ndl. en dial., asook by vRieb, as simp. en in ss. in Afr. bet. (Scho TWK/NR 7, 1, p. 28–9); Mnl. *beest(e)*, Eng. *beast* uit Ofr. *beste* (Fr. *bête*) via Ll. *besta* uit Lat. *bestia*, wu. Hd. regstreeks *bestie*; vRieb gebr. dikw. as koll. in bet. “vee” *beestiael*/*bestiaal* (eint. b.nw.), nog in SNdl. (by Kil *beestalie*) uit 17e-eeuse Fr. *bestial*, “vee”.

**beesgasie:** “monster”, na die vb. v. *dierasie* (Langenhoven), v. **bees**.

**beesrin:** uitr. (by inja v. beeste), uit *bees daarin*/*erin*/*hierin*!, vgl. *bokrin*.

**beesruit:** uitr. (by uitja v. beeste), uit *bees daaruit/eruit/hieruit!*, vgl. **bokruit**.

**beet:** pln. (*Beta vulgaris*), — *biet* (dial. en weinig bek.) —; Ndl. *biet* (Mnl. *bete* en dial. *beet*, met versk. verkl. van *ee/ie*), Hd. *bete* (dial. *beisse*), Eng. *beet* hou verb. m. Lat. *bêta*.

**befek:** (dial. en plat v.) *defek*, veral as b.nw. “defektief, nie-bruikbaar, uit orde”; uit Ndl. of Eng. *defect* (in albei as s.nw. en b.nw., terwyl Fr. blb. as b.nw. en as s.nw. ondersk. net *defectif* en *defection* ken), hou verb. m. Lat. *defectus* (s.nw.) “tekort(koming)”.

**begasse v. bagasse.**

+ **begeer:** in 19e eeu nog in Afr., soos in 17e eeu in Ndl., gebr. v. *begeerte* as s.nw., tans in albei tale veroud. (Scho TWK 14, 1, p. 7, waar ook (tans onbek.) *begeerjurk* vermeld word).

**begeester:** “besiel, geesdriftig maak”, daarby *begeesterend* en *begeestering*; regstreeks uit Hd. *begeistern*, *begeisternd* en *begeisterung* of via Ndl. wat hierdie wd. in die 19e eeu gebr. het, maar later geweer het, ook in Afr. dikw. as Germe. afgekeur, maar nog meer in gebr. as in Ndl.

**beghais v. bekaais.**

**beginsel:** (minder gew. v.) “begin, aanvang”; Ndl. *beginsel* (i.p.v. *begin*, nog gew. in 17e eeu, tans “niet meer in vrij gebruik”).

+ **begos:** nog dial. in gebr. v. verl. tyd v. *begin*; in Mnl. is *begost(e)* nog gew.

**bei I:** s.nw., kom nog as tweede lid v. ss. soos *aambeï*, *aarbeï*, *moerbeï* voor; Ndl. *bei* (veral in ss. soos *aardbei*, maar in Mnl. en dial. ook as simp.); hou verb. m. Fr. *baie* en dit met Ll. *bac(c)a*, “bessie”, vgl. **bagasse**.

**bei II:** telw., kom nog as tweede lid v. ss. voor in *albei*, *tussenbei*, as simp. in vorm *beide*; Ndl. *beide* (Mnl. *beide/bede*), Hd. *beide*, Eng. *both*; hou verb. m. vorme v. d. dual. Lat. *am-bo* en Gr. *am-phō*.

**beibie:** “soort wiegsif by diamantdelwerye”, na naam v. d. uitvinder, J. L. Babe (± 1870) — by WAT as *bybie*, maar hier na vb. v. *reisies* uit Eng. *races*.

+ **beil:** ww.; vRieb gebr. meermale die ww. *beilen/beylen*, veral in verl. tyd *beilden/beylden* i.v.m. visse en walvisse op land; vlgs. WNT (II 1545) is bet. “niet volkome n duidelik”, maar verb.

lyk mntl. en selfs wsk. m. Fr. *bâiller*, “gaap, geeu” (v. Hat-Dar s.v. *bâiller* uit Ofr. *baaillier*, “ouvrir la bouche . . . causé par . . . la fatigue . . .”); v. Kloe HGA 302.

**beïndruk**: “indruk maak op”, in Afr. gebr., maar in Ndl. as Germe. geweer; Hd. *beeindrücken*.

**beitel**: “stuk snygereedskap”; Ndl. *beitel* (Mnl. *beitel/betel*, lg. nog in Vl.), Hd. *beutel/beissel* (naas *meissel*) hou verb. met ww. *byt*, maar Ndl. *ei/ij* en Afr. *ei/y* nog nie heeltemal bevredigend verkl. nie.

**bejou**: iemand met “jou” aanspreek; Ndl. *bejouwen* (in 17e eeu gebr., maar tans “in onbruik”).

**bejy**: soos by *bejou*, maar blb. nie in Ndl. nie (misk. vroeër wel?).

? **bekaais**: — *beghaits* (weinig bek.), “befoeterd”; hou misk. verb. m. Ndl. *bekaaid* (o.a. “bedot, dronk, teleurgesteld, versuf”), sedert 17e eeu bek., maar ondanks etlike verkl. bly verb. onseker; die groep Afr. wd. met anl. *be-* en ausl. *-s* (Kem WFA p. 345 (4) (c), bv. *bejieks*, ens.) moet nog nader ondersoek word; vgl. ook *gekaït/gekaïts*.

**bek-af**: “terneergedruk, verleë; moeg”; Ndl. *bekaf* (reeds 17e eeu), ontst. uit *een paard den bek afrijden* wat ontw. het tot *een paard bekaf rijden* (vgl. Kem WFA 129–33).

**bekwaam**: “eetbaar, ryp” (bv. vrugte), hou wsk. verb. m. bet. “geskik”, soos ook in Ndl. *bekwaam*, ’n afl. v. *bekomen* (Mnl. *bequame*, by vRieb (19.7.1656) o.a. ook *bequeem*), Hd. *bequem*, Eng. *become* en veral *becoming*; vir bet. vgl. Lat. (*con*)*venire*, “betaam, pas”.

**belambra** v. **belombra**.

**belie** I v. **bielie**.

**belie** II: ww. v. *belieg*, v. *kamma*.

**bellasombra** v. **belombra**.

? **Bellie**: in uitdr.: *Tant Bellie (Bella) staan op stoep*, gebr. teenoor verkoue pers. wat nie betyds ’n sakdoek gebr. nie; misk. eufem. verpers. v. (*snotte*)*bel*.

**bellis** v. **bels**.

**belombra:** pln. (*spp. Phytolacca*, fam. *Phytolaccaceae*), — *belambra*/*belhambra*/*bellasombra* e.a. ww. by WAT waar ook ander volksn.); misk. Sp. naam *bella-sombra*, “mooi skaduwee”, met boom uit S.-Am. ingevoer.

**beloof/belowe** v. blo I.

**bels:** — (veroud.) *bellis* — (*spp. Osmitopsis*, fam. *Compositae*), hou verb. m. ou geslagsnaam vir die madeliefies, nl. *bellis*, wsk. uit Lat. *bellus*, “mooi” (vgl. Scho PD 42–3) — Mar maak be swaar teen spelv. *bellis* by Pappe e.a., maar reeds by Thun T en nog in 19e eeu aan die Kaap in gebr.

**belt:** “gord(el), lyfband”; Eng. *belt*, gaan wsk. terug op Lat. *balteus*, “gordel”.

**ben** v. **ibn**.

**bende:** groep, trop (in gunstige en ongunstige toep.); in bet. “orkes” (veral groep Kaapse Kleurlinge en/of Maleiers m. orkes) ook ww. *bending/benning*; Ndl. *bende/bent* (Lmnl. *bende*), Eng. *band*, uit Fr. *bande* uit It. *banda*, “vaandel”, en mntl. verb. m. Got. *bandwa*, “teken”; misk. oorspr. ’n Germ. wd. wat o.a. met *bannier* verb. kan hou. Kon via Ndl. en/of Eng. in Afr. gekom het.

**bêre:** “wegsit”, — (selde) *berg* (waarvan *bêre* meest. ’n doeb. is) —, vgl. klankontw. in *môre*, *sôre*, *têre*; Ndl. *bergen*, Hd. *bergen* hou verb. m. Ndl. *burcht*, *burg*, *borg*, *herberg* en Eng. *bury*, *burial*, *borrow*, *borough*, *harbour*, wat almal die begrip “veiligheid” inhou.

**berg** I: ww., (goedere v. ’n gestrande skip) “red”, doeb. v. *bêre* (q.v.)

**berg** II: s.nw., mv. *berge*/(dial.) *bêre*, “verhewe aardoppervlakte; groot hoeveelheid of stapel”; Ndl. *berg* (Mnl. *berch*), Hd. *berg*, Oeng. *beorg*, “berg, klipstapel”, Got. *bairgahei*, “gebergte”.

**bergamot(peer):** — *bermotpeer* —; daar is ’n sitroens., ’n geurolie en ’n soort tapyt in Eng. ondersk. bek. sedert die 17e, die 18e en die 19e eeu, maar ondanks WAT feit. onbek. in S.A. en almal blb. verb. m. plekn. Bergamo (Italië), (behalwe uit boeke) alleen *ber(ga)motpeer* in Afr. bek.; Ndl. *bergamotpeer* (sedert 17e eeu, ook Vl. *bermotte*), Fr. *bergamote* (17e eeu) via It. *bergamotta* (onder invl. v. ander name i.v.m. Bergamo) uit Tur. *beg*, “heer”, + *armoedie*, “peer”, dus eint. “herepeer”, sodat *ber(ga)motpeer* tout. is (vgl. *avokadopeer*, *kweper*).

**bergbas:** groei liefs in bergwêreld, word as looibas gebr. en dra ’n pruimagtige bessie, vandaar volksn., soos by *namtarrie* (q.v.).

**berгнаels:** pln. (*Lachenalia rubida*, fam. *Liliaceae*), ook bek. as *rooinaels*, *sandkalossie*, *viooltjie* (Mar 10, 138).

**bergpruim:** pln. (*Pappea capensis*, fam. *Sapindaceae*), ook bek. as *kaambessie noupit*, *oliepit*, *wildepruim*, v. Mar 10, 117.

**bergtee:** pln. (*Geranium incanum*, fam. *Geraniaceae*), ook bek. as *vrouebossie*, v. Mar 10, 112.

**bermotsersan(pcer):** nie by WAT en WNT nie; i.v.m. eerste lid v. **bergamot**, tweede lid uit Fr. *cras(s)ane/cresane* (17e eeu) waarvan verb. m. Lat. *crassus*, “sappig”, onseker. Is dit in S.A. ontln.? (Bosh VT 266 7).

**berrie-berrie:** “soort siekte” (veral onder 17e-eeuse seelui vanweë gebrek aan vitamien in voedsel); Ndl. *beriberi* (by vRieb o.a. *berbery/berherij/barbary*), sedert eind 16e eeu in Europa bek. (sedert 17e eeu in Port., Ndl. en Eng. baie gebr.), wsk. ontln. aan Sing. *beri*, “swakheid”, redupv. misk. op te vat as intens.

**beseutjie v. bisseuxtjie.**

**beskinder:** “beklad, kwaad praat van”, *beschindert* by Trig (uitg. Prel 70, d. Scho gebr.) maar *beschendert* (uitg. 1Ro T DLT 31); *beschenden* in “Holl. volkst.” bek. (Scho TWK/NR 7, 1, p. 29), v. ook **skinder**.

**beskot v. skot III.**

**beslein v. fynbeslien en porslein II.**

**besoetjie v. bisseuxtjie.**

**besonders:** bw., “afsonderlik, apart”; Scho (TWK/NR 7, 1, p. 29) gee sitate uit Wik v. gebr. in hierdie bet. wat nog in Ndl. dial. voorkom, maar in Ndl. AB veroud. is, en merk op: “vorm met -s . . . uit Ndl. bronne nie bekend nie”. By vRieb dikw. *niet sonders*, enkele male *niet notabels* en ook *niet sonderlingh* wat almal = Afr. *niks besonders* en dus nie adv. nie, maar sulke vorme kon adv. vorme met -s in die hand gewerk het en die volgende uit 'n brief van Jan Woutersse (Okt. 1654) aan vRieb kom daar digby: “niet besonders veel sal cunnen uytgerecht worden”.

**bessiebas v. bergbas, namtarrie.**

**bestiaal v. bees.**

**bestroentjie v. boestroentjie.**

**besuutjie v. bisseuxtjie.**

**beswerkater** v. **blikskater**.

**betalje** v. **petallie**.

**betel**: pln. (*Piper betle*, fam. *Piperaceae*); Ndl. *betel* (reeds 16e eeu en v. 17e eeu af dikw. gebr.), Hd., Fr. en Sp. *betel*, Eng. *betel/betle* wsk. almal via Port. *betel/betle/betre* uit Tam. *vettīla*, “blad”, want die betelblad word as dekblad van ’n arekapruimpie gebruik; v. ook **sierie**.

**beterweter** v. **betweter**.

+ **betes** v. **bordes**.

**betis**: — *batis* —, “vlasveselweefsel”; Ndl. *batist* (sedert 16e eeu) uit Fr. *batiste*, na die naam v. d. fabrikant, Baptiste van Kameryk (na lg. plek is die tekstielstof *kamerdoek* vernoem).

**betjoins**: vlgs. WAT (misk. ten onregte) ww. v. *betjoeks* en *betjols*; mntl. verb. m. *betjoend* (Verc BEW), afg. v. Fri. *tsjoene*, “to(o)=veren” (Dijk *tsjoene*, “to(o)veren, heksen”, *bitsjoend*); vgl. Afr. *beheks* = *befoeterd* = *betjoins*.

**betrek**: (mens of dier) “op ’n slinkse manier aanval”; dial. Ndl. *betrekken* (Dra 4), terwyl vglb. *bekruipen* (naas gewoner *besluipe*) alg. Ndl. is (Scho TWK/NR 7, 1, p. 29).

**betsjoe**: (dial.) “naturellemans se sitvlakvel”; Zu. *i(li)-beshu*, “skin buttock-covering, worn by men . . .” (Doke-Vil).

**Betsjoeana**: lid v. bep. Bant. groep; die slotpar. by *Herpestius Badius* v. d. afd. *Mammalia* in Smi A se IZ (sonder bladsynommers) lui: “Bechuanas — the native tribes (not including the Hottentots) immediately north of the Colony. Bechuanas is the term which has been invented by themselves to indicate all the clans in that direction who resemble each other in external appearance, and speak the same language. The import of the word proves the propriety of its application, *bechuana* being the plural of *chuana*, signifying alike or similar”. Brow J (26, 272) het dan ook die b.n.w. *chwana*, “alike” (en *ba chwana*: “they are alike”), maar moeilik uit te maak of dit inderdaad die herk. v. d. stamnaam is. Vandag word *Tswana* geskryf; v. ook **briekwa**.

**betweter**: — *beterweter* — ; (veroud.) Ndl. *bet* (Mnl. *bet*) ww. v. *beter*.

**beuk** I: pln. (*spp. Fagus*, fam. *Fagaceae*); Ndl. *beuk* (Mnl. *boeke*, reeks dial. vorme, o.a. *bük(e)*, *boeke*), Hd. *buche*, Eng. *beech*,

hou verb. met *boek*, *boekstaaf*, *boekweit* en hoërop met Lat. *fagus*, “beuk”, en Gr. *phagos/phêgos*, “soort eik”, in Afr. gew. *boekenhout* (q.v.).

**beuk** II: “ruimte tussen pilare in kerk”; Ndl. *beuk* (sedert Kil), doeb. v. *buik* (by Kil reeds *beuck/buyck*).

**beuk** III: ww., “slaan”; Ndl. *beuken* (Mnl. *boken*, dial. o.a. *bocken*), Hd. *pochen*, “slaan”, vroeër wsk. kn.

+ **bevore(n)**: “tevore, vroeër”; (veroud.) Ndl. *bevorens* (voors. + bw. + adv. -s, Mnl. *bevoeren*, sonder -s), Hd. *bevor*, Eng. *before* — ’n vorm *bevoor/bevore* sou vandag in Afr. as ’n Angme. beskou word, maar by vRieb etlike male *bevoren*.

**beweeg** v. *wa*, *waag* II, *weeg*, *wieg*.

**bewerasie**: “rillings van koue, siekte of vrees”; wsk. gevorm van redup. ww. *bewe* (Ndl. *beven*, Hd. *beben*) en sy frekw. *bibber* (Ndl. *bibberen*, Hd. *bebern* e.a. verw.) + agterv. -*asie* (Kem WFA 338).

**bewertjies** v. *trilgras*.

**biblioteek**: boekery; gebou v. boekery; Ndl. *bibliotheek* (ouer vorm *bibliotheke*, maar na Kil), soos Fr. *bibliothèque* uit Lat. *bibliotheca* uit Gr. *bibliothêkê* (*biblos*, “papius; boek” (aanvanklik v. papius gemaak) en *thêkê*, “kas”); v. ook *diskoteek*, *xiloteek*.

**bidbessie** v. *ghoemsiebessie*.

**bidoerie** v. *badoerie*.

**biebie**: meest. mv. *biebies*, “ongedierte op ’n kind se kop” (soos deur Mans KHI); Bosh (EWA) het verwys na Verc se Vl. *biebies* (TNTL 38, p. 302–6) en gevra of verb. m. Ndl. *biebou/biesbau/biesbou/biesbout* (al by Kil), “’n soort steekvlieg” (fam. *Oestridae*); in Se. *bietebau*, “iets om kinders mee bang te maak” (Ghijs 96). Frank (TE 29) verwerp Verc se verkl. dat *biebies* ’n redupv. v. Vl. *biest* is en meen dat dit die Wa. *bibisse*, redupv. v. Wa. *biësse* uit Ofr. *beste* uit Lat. *bestia*, “bees” (d.w.s. “gogga”, v. *bees*) is en dat dit met Fr. Hugernote uit die Waalse geweste na die Kaap gekom het — resultaat? Al wat blb. vasstaan, is dat wd. uit SNdl. (Vl. of Wa. geweste) afkomstig is.

**biebou/biedou** v. *bietou*.

**biefstuk**: “stuk beesvleis” (veral v. d. boud); regstreeks of via Ndl. *biefstuk* uit Eng. *beefsteak*. Die bet. v. albei lede toon ’n sem.

verskuiwing deurdat reeds v. *walvisbiefstuk* gepraat word — *bief* via *beef* uit Lat. *bos* (akk. *hovem*), “os”, + *stuk* uit Eng. *steak* uit On. *steik*, “braaivleis”.

**belie:** “staatmaker, uitbinker”; Eng. *billy*, familiêre vorm v. Willie, omgangsv. v. William; minder bek. ww. by WAT *belie*.

**bies I:** ook bek. as *biesmelk*, d.w.s. gew. melk van koei net nadat sy gekalf het; Ndl. *biest* (Mnl. *biest*, by Kil *biest/bienst*), Hd. *biest*, Eng. *beest* en *beestings*, blb. alg. Germ. In Afr. word gekookte bies, nes gekookte dikmelk, *kês* (q.v.) genoem, vandaar misk. dat *biest* in ouer Ndl. ook in bet. “kaas” gebr. is. So. *le-bese* en Ngu. *u-bisi* wsk. aan Afr. ontl.

**bies II:** “boordsel” (aan klere), “versiersel” (aan hout-, leer- en skil · derwerk); Ndl. *bies* (Mnl. *bies(e)*), dial. *bies*, *beus*, *buus*, *bösen*, *bûze*), ook as pln. (v. **biesie** en **bies(e)roei**), herk. onseker, maar nie verw. aan Hd. *hinse*, “biesie”, nie.

**bieseroei:** — *bies(i)roei* — , gew. kortweg **biesies** genoem (*Bobartia spathacea*, fam. *Iridaceae*, en ook *Scirpus litoralis* en *S. nodosus*, fam. *Cyperaceae*); Ndl. *bies* (Mnl. *bies(e)* en dial. vorme), kyk verder by **bies II** en **roei II**.

**biet** v. **beet**.

**bietabessie** v. **boetabessie**.

**bietie** v. **ipietie**.

**bietjie:** s.nw., “n klein hoeveelheid”; onbep. telw., “min”; bw., “effens, taamlik”; Ndl. *beetje* (eers Nnl., dial. *bietje/bitje*), dim. v. *beet*, ablv. v. *bijt*, verb. m. ww. *bijten*, dus lett. “n happie”, vir bet. vgl. Hd. *bisschen*, Eng. *bit*, asook Fr. *peu*, It. *poco* en Lat. *paucum*.

**bietou:** — *bichou* (minder gew.)/*biedou* en ss. — , pln. (ook met ander volksn., o.a. *bittergousblom*, *boegoebossie*, *bosluisbessie/boetabessie/bokbessie*, *jakkalsbos*, *melktou* en *witmargriet* — party met dop- of pitvrug of verdikte wortelstok, sommige eetbaar, ander giftig (vir mens en/of dier), party aromaties, ander blb. nie, soos by Mar en WAT); ben. (*biedou/bietou* e.a. volksn.) en plant, oor hele land versprei, wys op hoë ouderdom (hoewel blb. begin 19e eeu die eerste d. Bur gedok., Scho PD 78) en wsk. Hott.; vir die etim. mntl. v. d. meeste belang is misk. die ben. m. *biedou/bietou* sonder meer (*spp. Haplocarpha* en *spp. Osteospermum*) en dié met volksn. *bittergousblom* (*spp. Arctotis*) en *melktou* (*spp. Dicoma*); wsk. Hott. *bie/die*, “melk”, herk. v. tweede lid onseker, maar misk. verb. m. eerste lid v. Hott. *dou-cuma* (by Claudius

(1685) — iets met *Dicoma* te doen? — blb. aromaties, fam. *Compositae*, geassos. (hoewel mntl. ten onregte) met *gousblom*), indien wel, dan is *melktou* 'n hibr. ss. uit *melk* (vert. v. Hott. *bie/die*) + *dou/tou* (ongeid. (wsk. Hott.) pln.), v. Nien HOTT 536 s.v. **wortel(soort)** II.

**bil**: een v. d. houde (v. mens of dier); Ndl. *bil*, hou verb. m. Ndl. *bal*, Hd. *ball* (Eng. *ball* via Fr.) hoërop m. Lat. *follicis*, “leersak, ballon, blaasbalk” en Gr. *phal(l)ês*, “*penis*”; v. **biltong**.

**biltong**: stroke vleis uit houde v. diere (veral beeste en wildsbokke) gesny en gedroog; Ndl. *bil* (Mnl. *bille*, vRieb *bil*, v. **bil**), wsk. losgemaak v. ouer *aarsbil* soos *gat* van *aarsgat* (v. **asgat**) en soos Ndl. *bilstuk* verbind met *tong* in bet. “moot, strook”, *biltong* blb. eers end 18e eeu gedok. (Scho TWK/NR 7, 1, p. 29) en in= tussen sowel *bil* as *tong* in betrokke bet. minder alg. bek., van= daar verwarring i.s. herk. v.d. lede.

+ **biltopper**: “keil, hoë hoed”; d. WAT as Angme. en dial. aangegee, eint. veroud. leenwd. uit Eng. *belltopper* (vlgs. Web in Austr.).

**bimbrikos**: pln., soort “wildedruif”, ook bek. as *bobbejaandruif* en *bosdruif* (*spp.* *Rhoicissus*, fam. *Vitaceae*); ged. ooreenkoms met Eng. *bilberry* (*spp.* *Vaccinium*, fam. *Ericaceae*) kan toevallig wees; misk. te dink aan Hott. ( $\neq ka$ )*b(a)ri* of ( $\neq gam$ )*bri*, “mossie; spreu”, maar dan misk. eerder aan Hott. *diri-b*, “soort aap” (vgl. *bobbejaandruif*) en aangesien Hott. *b/d* voorkom, kan ons ww. *biri-b/diri-b* kry (v. **bietou**), dan misk. hibr. ss. uit *bimbri* (uit *biri-b* met epent. *mb* voor *r*) + *kos*, in bet. “aapkos = bobbejaan= kos”; v. Nien HOTT s.v. *mossie* en s.v. *spreu*.

**biskop I**: “beksleër v. hoë rang in R.K. Kerk”; Ndl. *bisschop* (Mnl. *bisscop*), Hd. *bischof*, Eng. *bishop*, vroeë WGerman. ontl. aan Ll. *biscopus* uit Lat. *episcopus* uit Gr. *episkopos*, “opsigter”.

**biskop II**: ben. v. versk. visse; 1. “die bloue of swarte” (vlgs. sommige *spp.* *Sparus*, fam. *Sparidae*, vlgs. ander *spp.* *Cymatoceps*), en 2. “die witte”, *spp.* *Sparus/Sparodon*, fam. *Sparidae*, v. ook **poenskop**.

**bisley**: “skyfskietbyeenkoms”; Eng. *bisley* na die naam v. d. plek v. d. skietwedstryde in Engeland, Bisley.

**bisseuxtjie**: — *ba-/be- /-scu/-soe-/suutjie* —, pln., ook bek. as *jakob-regop* (*spp.* *Zinnia* — na Du. geneesheer en plantkundige, J. G. Zinn (†1759) — fam. *Compositae*), na naam v. d. “sendelingpaar Bisseux van Wamakersvlei (Wellington, S.A.) deur wie hierdie tuinblom veral in die Boland bek. geword het” (WAT), vgl. ook **afrikaner II**.

**bitterappel** v. dortelappel, gifappel, kolokwint, sodomsappel.

**bitterbos** v. tandpynbessie.

**bittergousblom** v. bietou.

**bitterlemoen** v. pomelo, pomerans I.

**blaar** I: “deel v. plant”; Ndl. *blad*, mv. *bladeren* (Mnl. *blat*, mv. *blade/blader(e)*, maar Kil het reeds *blader* as ekv., vgl. Bosh VT 107), Hd. *blatt*, Eng. *blade*, hoërop verb. m. Lat. *folium* en Gr. *phullon*, “blad”; Afr. kan *blaar* uit Ndl. mv. *hê* of Kil se *blader* (*vetus*, d.w.s. veroud.) deur gew. sink. v. intervok. *d* ontw. het.

**blaar** II: “blasie” (by besering of kneusing, ens.); Ndl. *blaar* (Mnl. *blader/blajer*), Hd. *blatter*, Eng. *bladder*, “blasie”, verb. m. *balk* (in *blaasbalk*), Eng. *bellows*, “blaasbalk”, en *belly*, “buik”, asook m. Afr. *bil* en *biltong* en *bal* I, ouer alg. bet. “wat opswel of op=geswel is”.

+ **blaar** III: “bles”; Ndl. *blaar*, “wit plek” (Mnl. *blaer/bles*, dial. *blaar/bles/blis*), Hd. *blesse/blass*, Eng. *blaze*, “bles; brandende fakkel”, leef nog in eien. v. ’n koei, bv. Blaartjie, d.w.s. bleskop= koei.

**blaasbalk**: “blaaswerktuig”; Ndl. *blaasbalg* (Mnl. *blaesbalch/blasebalch*); *balg*, “sak”, volkset. *balk* (dan ook Ndl. en dial. *blaasbalk*), Eng. *bellows* en *belly*, Hd. *balg*, v. verder **blaar** II.

**blaasop** v. opblaser.

**blafon** v. plafon.

**blama(a)ns**: — (minder deftig v.) *blanc-mange*, (plat) *bloemaans* —, wsk. via Eng. *blancmange* uit Fr. *blanc*, “wit”, + ww. *manger*, “eet”, uit Lat. *manducare*, “kou”.

**blaps**: — *blapser* (minder gew.) —, “flater”, wsk. met ausl. -s (vgl. *glips* e.a.) uit Eng. *blab*, “onbeduidende gepraat”; v. ook **wlaps**.

**blas**: “effens donker v. gelaatskleur” (by blankes); “effens bleek” (by nie-blankes); hou verb. met Ndl. *bles* (dial. *blas*, “bleek”), Pd. *blas* en Hd. *blass*, (albei) “bleek”, Hd. *erblassen*, “verbleek”, v. **blaar** III.

**blatjang**: “in asyn ingelegde groente of vrugte vir toespys”; mntl. via Ndl. *blatchang* uit Mal. *b(e)lachan* (Lok skryf *ba-/belacan*), wsk. vroeg ontl. (Hob-Job gee s.v. *b(a)lachong* aanh. uit Dampier

*balachaun* van 1688 en Bog (I 249) skryf begin 18e eeu *blatsjan*; in Eng. tans blb. verdring deur *chutney* (uit Hind. *catni*); ook in Ndl. wdb. ontbreek dit.

**bleek:** — (gew. doeb. v.) *bleik* -- ; Ndl. *bleek*/(dial.) *bleik*, soos *vlees/vleis* soms met en soms sonder versk. v. bet., hou verb. m. Eng. *bleach* en *bleak*, Hd. *bleich*, asook met *blik* (v. d. oog), *blyk*, wat almal blb. teruggaan op bet. “blink, skitter”.

**blêr:** — (dial.) *blerk* —, “die geluid v. ’n skaap maak”; “die gehuil v. ’n stout kind”; Ndl. *bler(r)en/blerken*, hou verb. m. Ndl. *blaten*, Eng. *blare* en *bleat*, almal wsk. kn., vgl. ook Gr. *blêxê*, “geblêr.”

**blêrfliëk v. fliëk.**

**blerts:** s.nw. en ww., “spatsel; bespat”, vgl. *flerts* en *wlerts*, almal met *ê*-agtige vok., wsk. verb. m. Ndl. *fla(a)rs*, *fle(e)r(s)*; herk. onseker, misk. kn.

**blief v. asseblief.**

**blik I:** “oogopslag” (vgl. *oomblik*); Ndl. *blik* (Mnl. *blic(k)*, “lig=straal”), Hd. *blick*, hou verb. m. **bleek/bleik** (q.v.) en *blyk*.

**blik II:** “dun strook metaal”; Ndl. *blik* (Mnl. *blec/blic*), Hd. *blech*, hou verb. m. **blik I** en m. **bliksem** (q.v.), wat albei bet. “glans” inhou.

**blik III:** b.nw., “ontvel” (vgl. **blikners**); dial. Ndl. *blek/blik* (reeds Mnl. *blec/blic*), “bleek; kaal; ontvel”.

**blikners:** b.nw. en bw., “deurgeskaaf op die sitvlak” (veral deur bloots perdry); Ndl. *blikaars* (ook ouer en dial. *blicknaers* naas *blikgat*), v. **blik III** en **aars(el)**, **asgat**, **ners(derm)**.

**bliksem v. blits.**

**blikskater:** s.nw., “niksnuts” (skelw.); b.nw. en bw. (gew. met -s), “erg, verduiwels”, so ook *blikskottel(s)*, vgl. ook *swerkater* (met ww. *beswerkater*); Ndl. het o.a. *blikse(m)kater* en *duive(l)kater* as ben. vir die duiwel, almal sg. bastvl., d.w.s. eufem. versagte skelw., v. **blits** en **kater I**.

**blikwortel(boom):** dial. en volkset. v. Eng. *blackwattle* (Austr. aka= sias wat looistof lewer, veral *Acacia mollissima*, fam. *Legumino=sae*).

**blits:** “bliksem, weerlig”, dikw. ook geassos. m. *donder*, vandaar bastvl. soos *bliksems*, *blikskaters/-skottels*, *donders*, *duiwels*;

hou verb. m. **blik** I, Ndl. en Afr. *bliksem* (Mnl. *blisex(e)/blexem(e)* naas *blissem/blessem/blesen*), Hd. *blitz*, Pd. *blits/blits*, Fri. *blits*, wu. wsk. via Ned. matroset. die vorm *blis* in Ndl. deurge=dring het (WNT II 2865); v. ook Kloe HGA 35.

**blo** I: — (dial. v.) *beloof/belowe* —, hoofs. in uitdr. *slae* —; Ndl. *beloven* (Mnl. *beloven*), met voorv. *be-* + *loven*, Hd. *loben*, Eng. *love*, wat verderop verb. hou met *lief* en *liefde*.

+**blo** II: “bang, lafhartig”, alleen nog in arg. uitdr. *liewer* — *Jan as do Jan* (v. ook *do*); Ndl. *blood*, *blo/blode* (Mnl. *blode*), “bang”.

**bloedlaat**: “bloed (v. mens of dier) aftap”; Ndl. *bloedlaten* (nog 16e en 17e eeu in gebr., tans nog dial.), later in AB verdring deur *aderlaten*.

**bloedmin**: — *bloedweinig* —, “baie min” na anal. v. ander Ndl. en/of Afr. ss. met *bloed-*; Hd. het *blutwenig*, en WNT (II 2879) konstateer s.v. *bloedarm*: “In het Hd. zijn meer dergelijke woorden bekend dan bij ons.”

**bloedvin**: — *bloedvint* —, ook bek. as *bloedsweer*; Ndl. en dial. het blb. alleen *bloedvin/-fin(ne)*; Ndl. *vin*, Hd. *finne*, “soort wond”, hou wsk. verb. m. Vl. en Sc. *vimme* (ook by Kil), “stekel” (d.w.s. puntige ding wat seermaak); het Afr. parag. *t* deur byg. aan *vent/vint*?

**bloekom**: — *bloegom*/(kunsmatig) *blougom* —, pln. (*spp. Eucalyptus*, fam. *Myrtaceae*); Eng. *bluegum* (bome grotendeels uit Austr. ingevoer).

**bloem**: hoofs. nog in wd. soos *bloemis*, *bloemlesing*, origens *blom*; Ndl. *bloem/blom(me)*, so ook Mnl., Hd. *blume*, Eng. *bloom*, hou verb. m. *bloei* en *bloesem*, Eng. *blossom* en Lat. *flos* (gen. *floris*); maar die twee vorme het nog lank in Afr. bestaan: vRieb het *blom* en *blommen*, Wik (18e eeu) *blomtyd* en Bur (begin 19e eeu) *bloemtyd* (Scho TWK/NR 7, 1, p. 30).

**bloemaans** v. **blama(a)ns**.

**blombos/blomhout** v. **drolpeer**.

**bluf**: s.nw. en ww., “grootdoenery/-praterij; grootpraat”; Ndl. *bluffen* (veral sedert 17e eeu), Pd. *bluffen/blüffen*, Eng. *bluff* (misk. uit Ndl. of Pd. *bluffen* en onder invl. v. Ndl. of Pd. *blaffen*).

**blus** I: ww., “laat ophou, uitdoof”; Ndl. *bluss(ch)en* (Mnl. *blusscen/blusscen/blisscen*), uit voorv. *be-* + ww. *less(ch)en*, “uitdoof, uit=gaan, verminder”, v. **les** II.

**blus** II: s.nw., “krag, uithouvermoë”, veral in uitdr. *sy — is uit* = *sy gô/kerk/wind is uit*; Boum (TWK IV 2 p. 95–6) kan gelyk hê met sy betoog dat dit ’n betekeniskern vereis “wat met *vuur* en *asem* verwant is”, maar dan moet *wind* by *asem* gevoeg word en sal *gô/kerk* wsk. jonger wees. Daarby moet dan wsk. uitgegaan word van deureenloop v. Ndl. *blas*, *bleus* en *blis*, misk. met byg. aan ww. *blus* (WNT II 2787, 2827, 2865 en 2930) en ook verb. aanvaar moet word m. Se. *bleusje*, “vuurtjie” (Ghijs) en verder m. Pd. *blas* en *blüse*, Eng. *blast* en *blaze* en wsk. ook m. Ysl. *blástr*, “asem; (ruk)wind”.

**bo**: — *bowe(n)/hoon-* (bv. *bokant*, *bowetoon*, *bowenal*, *boonop*) — , “beter, hoër, meer”, ens.; Ndl. *boven*, soos Ndl. en Afr. *binne(n)*, *buite(n)*, ens., met voorv. *be-* afg. v. ’n wd. wat ons nog in Mnl. kry as *oven*, in Hd. *oben* en met *a-* vooraan in Eng. (*a*)*bove*, verw. aan Afr. *oor/ower*, Ndl. *over*, Eng. *over*, Hd. *ober/über*.

**bobbejaan**: — (veral in plekn.) *baviaan/bawiaan/(plat) bojaan* — , *spp. Papio*, fam. *Simiidae*, reeds Ll. *babewynus/baboynus/babuynus* en wsk. langs dié weg in 13e eeu in Rom. tale (It., Prov. en Fr.) wu. o.a. Mnl. *baubijn/bobijn* (Verc ook *babuwijn/babuyn* en verkl. *baubijn* en *bakuwijn* ondersk. as skryfoute v. *babuyn* en *babuwijn* — let op vorme met *-wijn* en vgl. *aalwyn* en *pikkewyn*), 17e-eeuse Ndl. *babiaen/baviaen* met *-iaen* na anal. v. kontemporêre *roffiaen*, Nnl. *baviaan*, Hd. (vroeeër) *bavian*, (later) *pavian*, Eng. *baboon* (Meng. *babewin*); Germ. tale kon die wd. via Fr. *babouin* of It. *babbuino* gekry het — tot sover betr. eenstemmigheid; vlgs. som= mige verdere voorgesk. onseker, ander bring Fr. *babouin* in verb. m. *baboue*, “grimas” of “snoet” en weer ander m. Prov. *babau*, “domkop”; mntl. was It. die skakel verderop, want dit het in *gatto-maimone*, “kataap”, die vorm *maimone* wat aansl. by (Arab., Pers. of Tur.?) *maimun*, “aap” (Hob-Job en Lok, deur etlike etim. aanvaar) — vir *o* in Afr. vgl. Mnl. *bobijn* en ouer vorme v. *tabak* (q.v.).

**bobbejaanbek** v. **bobbejaansleutel**.

**bobbejaanboud**: “ou soort geweer”, so genoem vanweë ooreenkoms v. gewerkolf met ’n bobbejaan se *boud*, reeds by Del as *bawians=bout* (Scho TWK/NR 7, 1, p. 30).

**bobbejaandruif** v. **bosdruif**, **bimbrikos**.

**bobbejaanklou** v. **bobbejaansleutel**.

**bobbejaanskos** v. **jakkalskos**.

**bobbejaansleutel**: “groot en sterk skroefsleutel”, ook bek. as *bob=bejaanbek/-klou* en *slapkop*; lett. vert. v. Eng. *monkey spanner*/

*wrench*, waarin *monkey* niks met 'n bobbejaan te doen het nie, want die sleutel is vernoem na C. Moncky wat dit gepatenteer het (Audel's *Mechanical Dictionary*).

**bobbejaantou:** ben. v. versk. plante (o.a. vlgs. Mar 9, 111, 118, 125 *Rhoicissus capensis*, fam. *Vitaceae*; spp. *Dalbergia*, fam. *Papilionatae*; *Secamone thunbergii*, fam. *Asclepiadaceae*), soms bek. as *bimbrikos*, *bosdruif*, *wildedruif*-*druife*, en dan weer met *melktou* by *bietou*.

**bobo:** pln., (dial. v.) *knoppiesdoring* (spp. *Acacia*, fam. *Leguminosae*); Xh. *u-bobo* (Krop), Zu. *u-bobe/u-bombo* (Pal-Pit).

**bobotie:** “gereg v. gemaalde kerrievis”; hou wsk. verb. m. (Jav. of Mal.?) ww. *boeboe*, beïnv. d. vorm v. *sosatie* (q.v.); Jav. s.nw. *boemboe*, “kruie, speserye” (Klin en vRon), maar Klin gee Mal. ww. *boeboe* op, “er zout in of op doen”, terwyl vRon (in Mal.-Ndl. ged.) *boeboe* as Mal. ww. met ander bet. opgee, maar (in Ndl.-Mal. ged.) as Mal. ww. in bet. “kruie”.

**bod:** — *bot* —, mv. *botte*, “aanbieding” (bv. som by vandisie); Ndl. *bod* (Mnl. *bot*, “bekendmaking; insetprys”), verb. m. Ndl. *bieden*, Afr. *bie(d)/bieë*; v. ook **bot** I.

**boddel** v. **bottel** I.

**bodder:** “lastig wees, lol”; Eng. *bother*, verw. twyfelagtig m. Ndl. *bodder* wat blb. soos Eng. *bother* as s.nw. en as ww. gebr. word; voorgesk. v. Eng. en Ndl. wd. onseker, in Eng. sedert vroeg 18e eeu, misk. verb. met ouer (laat 17e-eeuse) *pother*, “drukte maak”.

**bodem** v. **boom** II.

**bodikanie:** (dial. v.) eerste besnydenisskool v. d. Bant.; NSo. *bo-dikane*.

+**boebas:** s.nw., mv., “beeste”, deur vRieb c.s. as kn. wd. gebr. om vir die Hott. aan te dui dat hulle beeste wou ruil, vgl. ook **boe(a)** en **boeba** by WAT.

**boedel:** “erfenis, nalatenskap, vermoë”; Ndl. *boedel/boel* (Mnl. *boe(de)l*, Nnl. dial. *boe(ie)/boet*), Hd. *bude*, Eng. *booth*, “hut”, hou verb. m. ww. *bou*; in uitdr. *boedel oorgee* (Ndl. alleen *over=geven*), “vomeer”, vir Afr. in 1870 gedok. (Scho TWK 14, 1, p. 8) en *op weg na die boedelkamer*, “agteruitboer” vir Afr. in 1878 gedok. (Scho t.a.p. 4 p. 187), v. ook **boel** II en **kaboe(de)l**.

**boeglam:** “lam in die boeë, doodmoeg, uitgeput”; Ndl. *boeglam* (ook *boegkreupel*, *kootlam* — *boeg*, (gew.) “voorstel deel v. skip=

romp", maar hier "blad, borsdeel" (van dier, meer bep. 'n perd) — *boeglam* blb. eers sedert 18e eeu), Hd. *buglahm* kon tot gebr. in Afr. bygedra het.

**boegoe:** pln. v. reeks plante (*spp. Agathosma, spp. Barosma* en *spp. Diosma*, almal fam. *Rutaceae*), kyk ook reeks ss. by WAT; sedert 17e eeu leenw. uit Hott. waarvan Nien (HOTT 222–3) reeks spelv. gee (tussen 1668 en 1825) en daarvan is eerste wat met Afr. spelv. *boegoe* ooreenkom, dié van Wik (1779), en eerste soos Eng. *buchu* dié van Men (1787); die wd. het òf nie in Na. bestaan nie òf is later deur ander wd. verdring.

**boegoebossie v. bietou.**

**boegpens v. boepens.**

**boehaai v. bohaai.**

**boeja:** (dial.) utr. om span osse op ploegland te laat omdraai; Zu *buya*, "omdraai!" (Doke-Vil 95).

**boek:** bep. vorm v. drukwerk; Ndl. *boek* (Mnl. *boec*), Hd. *buch* Eng. *book*; hou verb. m. pln. *beuk* (op strokies daarvan is vroeër geskryf, vandaar dat (skryf)letter(s) reeds in Mnl. *boecstaf* en nog in Hd. *buchstabe* heet), m. d. gevolg dat *boek* en *beuk* vroeër soms as ww. gegeld het en later tot doeb. ontw. het.

**boekenhout:** pln. (*spp. Rapanea*, fam. *Myrsinaceae*), nie te verwar nie met *beukehout* (*spp. Faurea*, fam. *Proteaceae*), maar het deur-eengeloop met sg. *Kaapse witboekenhout* (*spp. Olea*, fam. *Oleaceae*); in Ndl. is *beuk* en *boek* as pln. ww. (*spp. Fagus*, fam. *Fagaceae*), maar doeb. in toepassing op "plant" en "bep. vorm v. leesstof" (v. *beuk* I en *boek*), m.a.w. name is verwant, maar nie die betrokke plante nie.

**boekie I:** dim. v. *boek* (v. *boek* en *beuk* I).

**boekie II:** ook bek. as *boekmaker*, "beroepswedder by wedrenne"; Eng. *bookie* (naas *bookmaker*).

**boekpens v. boepens.**

**boekweit:** pln. v. ingevoerde (mak) en inheemse (wilde) *spp. Fagopyrum*, fam. *Polygonaceae*, — *boekwiet*/(volksset.) *bokweit/-wiet* —; Ndl. *boekweit* (kleur, vorm en smaak v. korrels het blb. laat dink aan dié van neut v. *beuk/boek* en *boekenhout* (q.v.), vandaar *boekweit*, met *weit* = Eng. *wheat*, Hd. *weizen*, wat wsk. verb. hou m. Ndl. en Afr. *wit*, Eng. *white* en Hd. *weiss*). Anders as by *barlewiet* (q.v.) het Eng. sy *buckwheat* blb. aan Ndl. en/of Pd. vorme te danke (Hoops I s.v. *Ackerbau*).

**boel I:** “bep. honderas”, ook bek. as *bulhond* (Ndl. en Afr.), vgl. ook *boeldok(hond)*, Eng. *bulldog*, hou blb. verb. m. Ndl. *bal/bol/bul* (v. **bal** I, mntl. het by ben. *bul* die *testiculi* ’n rol gespeel, sowel by die hond as by die stier).

**boel II:** ged. ww. en ged. doeb. by **boedel** (q.v.), vgl. ook **kaboe(de)l**.

**boelie I v. paaiboelie.**

**boelie II:** “baasspelerige pers. wat ander (veral jongeres en swakkeres) afknou”, ook as ww., “afknou”, wsk. jonger in Afr. as **boelie I** en in 19e eeu ontln. aan Eng. skoolt.; Eng. *bully* (mntl. verb. m. Ndl. *boel*, Mnl. *boele*, Hd. *buhle*, (almaal) “minnaar”), v. ook **paaiboelie**.

**boelie III:** alleen in ss. *boeliebief*, “ingemaakte beesvleis”, wsk. jonger as **boelie I** en II, eers alg. bek. sedert Anglo-Boereoorlog (1899–1902); Eng. *bullybeef* (misk. n.a.v. Fr. *boeuf*, “bees”, en *bouilli*, “gekook”, verl. dw. v. *bouillir*, “kook”, dus — “gekookte beesvleis”), vgl. verder **biefstuk**.

**boemba:** (dial. v.) “harde kombers uit Angola vir nie-blankes”; hou dit misk. verb. m. naam v. Wes-Afr. booms. (bv. *Daniella thurifer*) wat in Eng. (uit Bant.?) *bumbo* heet en uit die harsagtige vesel waarvan dié komberse mntl. vervaardig word?

**boenda:** (dial. v.) “gramadoelas, oerwoud, wildernis” (bv. *in die — woon*); verb. m. Doke-Vil (92) se *i(li)-bunda*, “forest tree; shrubs” (*spp. Dombeya*, fam. *Sterculiaceae*)? of met Xh. *u-bunda*, “plek v. bokke en kalwers” (Döh)?

**boenga:** (vroeër) “Naturelleraad v. d. Transkei”; Zu. (uit Xh.) *i(li)-bunga* (Doke-Vil).

**boep v. boepens en boet I.**

**boepens:** — *boeg-/boekpens*/(eufem.) *boeg-/boekmaag* —, “dik buik of maag”; soms redukv. *boep*, dim. *boepie*; Ndl. *boekpens* vroeër o.a. = Afr. *blaarpens*, maar Ndl. dial. het sedert Kil *oe/eu/ui* in *boek/beuk/buik* in bet. “maag, pens”, sodat *boekpens* ’n tout. ss. is, terwyl *boegpens* misk. volkset. in matroset. voorgekom het; v. ook **beuk** I en II.

**boer:** “landbouer, veeteler, plattelander”; Ndl. *boer* (in bet. “land=bouer” eers sedert Kil, Mnl. *gheboer/ghebuur*), Eng. *boor* (sedert mid. 16e eeu, wsk. uit ouer Pd. *būr*), Hd. *bauer* (Mhd. *gebūre*); nog meningsversk. oor verb. *boer*, *buur* en ww. *bou*, oor oostelike of ook westelike dial., relik of nie, invl. v. ’n noordelike (Fri.) dial. of nie — eint. buite ons gebied — in Afr. (m. hoofl.) *Boer* =

**Afrikaner I** en in verbg.: *Boer se kind* wsk. invl. v. Ndl. Bybelt. *mens(ch)enkind*, opgevat as *mens s'n/se kind* (vgl. egter Kem WFA 479).

**boerboon** v. **gham I**, **hottentotsboon**.

**boeremakietie**: (dial. v.) “plattelandse partytjie of bruilof”; hibr. ss. v. *boer-* en *makietie* uit NSo *mokete*, “fees”; v. Malh DF AS 13.

**boesel**: bep. inhoudsmaat ( $\frac{1}{8}$  v. mudsak); Eng. *bushel*, soos Hd. *buchs/büchse* verb. m. Ofr. *boiss(i)el* uit Ll. *buscellus/bustellus* uit Lat. *buxis*, Gr. *puxis*, “doos, bus (uit bukshout)”.

**boeseltjie** v. **busseltjie**.

**boeseroentjie** v. **boestroentjie**.

**boeskop** v. **poenskop**.

**Boesman**: aanv. a. d. Kaap i.v.m. mense i. d. alg. toeg. op “drosters en (struik)rowers” (Kol P en But) en ook op Sonkwas (Boesmans), bv. “de Sonquaas in de wandeling Bossiemans genaamt” (*Dagv.*, 1685), tot  $\pm$  1750 gew. gedok. as *bos(ch)jesman/bossie(s)man*, sedert 1752 *boessiemans/boes(s)emans* en sedert 1783 *boesmans*; afl. v. Ndl. *hoesman*, “kabouter”, sem. onbevredigend — uitspr. v. *o* as *oe* deur gekleurdes kon oorg. v. besk. *boss(i)emans* tot plat *boess(i)emans* en ten slotte tot *boesmans* bevorder het (mntl. d. uitspr. v. Du. koloniste en mettertyd v. Eng. verst.) en tot besk. taal v. ander blankes laat deurdring het (verk. weergawe v. Nien se betoog in OA II 247–8 en in HOTT, hfst. 10, teenoor WNT, vO LC in DH, 1941, Leh, Frank TB 144 en Smi OT 545–9).

**boesmangras** v. **ga-/ghagras**.

**boesmankers** v. **norra I**.

**boesmanpyl I**: 1. gifpyl v. d. Boesmans; 2. pln. (*spp. Bidens*, fam. *Compositae*), ook bek. as *kaapsekêrel*, *knapsakkerwel*, *knapse-kêrel*, *ounooi*, *wedevrou*, *wewenaar* (WAT).

**boesmanpyl II**: struik m. giftige melkagtige sap (*Acokanthera venenata*, fam. *Apocyanaceae*), aldus by Pal-Pit 54, nie by Mar en WAT in dié toep. nie, wel by albei as *gifboom*.

**boesmanrys**: ben. v. rysmiere (termiete) se larwes wat soos rys lyk en d. Boesmans geëet is; eerste kwart 19e eeu gedok. (Scho TWK/NR 7, 1, p. 30; aanh. uit end v. d. eeu by Pet A); v. ook **rysmier**.

**boesnot:** “faktotum”; wsk. opsetlike kontamv. v. *Boesman* en *Hotnot* (by Langenhoven).

**boestroentjie:** — *bastroentjie/bestroentjie/boeseroentjie* — , “los=hangende kinderjurk”; nie verb. m. Ndl. *boezelaar*, “voorskoot”, nie, wel m. Ndl. *boezeroen* (m. SNdl. ww.), “kledingstuk d. matrose e.a. onder werkspek gedra”; uit Fr. *bourgeron*, verb. m. Wa. *bourge*, “groot linnestof”, in Ndl. eers na Kil en in Hd. (*buserun* wu. wsk. in Rus.) v. begin 19e eeu af; *t* tussen *s* en *r* in Afr soos in *alkaster*, *renoster* e.a.

**boet I:** — (soms) *boep* — , “broer; maat”, *boeta*, “oudste broer” (veral vroeër en ged. nog), dim. *boetie*, “jonger broer”; kn. (bv. aansl. by *babbel*) en troetelw. v. *broe(de)r* hoef mekaar nie uit te sluit nie (soos dVri J NEW), want talryke kn. wd. uit kindt. (o.a. *boef*, *boel*, *boet*, *boetje*, “jongetje”, by Ghijs) vind die natuurlikste aansl. by die reeks: Ndl. *broe(de)r*, Hd. *bruder*, Eng. *brother*, Lat. *frater*, Gr. *phratēr*, Oind. *bhratar*.

**boet II:** ww., “straf ondergaan, verlies herstel”; Ndl. *boeten* (Mnl. *boeten*, “vergoed”), Hd. *büssen* (verb. m. s.nw. *boete*, “strafgeld, skadevergoeding”, Eng. *boot*, “baat”, asook met Ndl. en Afr. *baat* en *beter*).

**boeta v. boet I.**

**boetabessie:** pln. (*spp. Osteospermum*, fam. *Compositae*), ook bek. as *bosluisbessie* en verb. m. *bietou* (q.v.), wsk. volkset. v. *bietou=bessie* om die sg. *bosluisbessie* v. d. *bietou* van die doringknoppie v. d. bek. *boetebossie* (*Xanthium spinosum*, fam. *Compositae*) te onderskei; vgl. ook *bokbessie*.

**boetebossie:** pln. (*Xanthium spinosum*, fam. *Compositae*), ook bek. as *boeteklits* en *pinotiebessie*; hou verb. m. *boete* betaalbaar vir nie-uitroeiing v. *bossie* wat skadelik vir skaapwol is; v. ook *boetabessie*.

**boetie v. boet I.**

**boetson:** “bep. hoendersiekte” (met skobbe a.d. pote), v. vWiel 167; wsk. uit Eng. *boots-on* (hoewel nie opgespoor nie, maar Eng. ken wel *boot* in bet. “the feathers on the shank and toes of certain domestic fowls”, Web).

**boffa v. baffa.**

**bogger v. bokker.**

**boggom:** — *bôgom* — , kn. om geluid v. bobbejaan aan te dui.

**bogwêra:** (dial. v.) tweede besnydenisskool v. d. Bant.; NSo. *bo-χwêra*; vgl. **bodikanie**.

**bohaai:** — *boe-/po(e)haai/bohasie* — , “drukte, lawaai, rumoer”; Ndl. *boha(ai)/boeha(ai)/bohei/beha(ai)*, sedert 16e eeu *bohay* en sedert 18e eeu *p*-vorme: *po(e)ha(ai)/poehēi/poehé/po(e)chai*, kn. verbg. v. twee uitw. *boe* en *ha*; v. ook **hoehaai**; Afr. *bohasie* (by Leipoldt) d. rymdwang (*nasie*) of kontamv. v. *bohaai* en *orasië* (Kem WFA 338).

**boikot:** s.nw. en ww., “uitsluit(ing) uit handel”; Eng. *boycott*, na die naam v. d. Ierse landheer, Kapt. Boycott, wat in 1880 so behandel is.

**bojaan** v. **bobbejaan**.

**bok:** 1. “bep. mak soogdier”; 2. “bep. wilde soogdier of antilooop” (albei fam. *Bovidae*); Afr. ondersk. nie soos Ndl. tussen *bok* (ml.) en *geit* (vr.) nie, maar m. behulp v. *ram* en *ooi* (en dan is *bokmelk* en *bokooi* nie ongerymd nie); andersyds word in stadt. *bok*, “vryer”, en *geit*, “vryster”, gebr., ook ww. *bok*, “vry”, en *bokkologie* of *bokkunde*, “vryery”.

**bokbessie** v. **bietou** en **boetabessie**.

**bok-bok:** kinderspel in allerlei vorme al vroeg in die Nederlandse bek. (dCo-Tei I 296–300) en eeue tevore onder die Romeine, bv. by Petronius Arbiter (uit d. tyd v. Nero): “*bucca, bucca, quot sunt hic?*” ong. = *bok-bok, hoeveel vingers op jou lyf?*” (Dro 41–5).

**bokdrol(letjie):** vrug- en pln. (*Canthium inerme/ventosa*, fam. *Rubiaceae*), ook bek. as *bokdruie* en *skaapdrolletjie* — Pal-Pit 50), ook by WAT as *bokdrolletjie* en *bokdruie*, maar *skaapdrolletjie* by Mar (129) as *spp. Pavetta*, fam. *Rubiaceae*; naam n.a.v. eetbare bessies en vorm daarvan.

**bokhorinkie(s)** v. **aasblom**, **haasoor**, **kabietjie**.

**bokkapater** v. **kapater**.

**bokkem:** — *bokkom* — , “gedroogde of geroekte en gesoute jong harder”; Ndl. *bokkem/bokking/bokkum* (meer NNdl.), misk. visn. (soos baie ander) op *-ing*, waar *bok* ’n N. wd. kan wees wat “gedroog” bet.; daarnaas (meer SNdl.) *bok(s)haring/bokshoring/bokshoorn* (na bewering vanweë hardheid, reuk en vorm); prioriteit en wisselwerking v. noord. en suid. vorme moeilik uit te maak.

**bokker:** — *hogger* —, “smeerlap; (vroëer sterker) sodomieter”; Ndl. *bogger/bugger* (Mnl. *bugger(e)*, soos Eng. *bugger*, wat gebr. in Afr. kon verst. het) uit Fr. *bougre* uit Ll. *bugari/bugeri*, veralg. in ongunst. sin v. volksn. v. d. Bulgare, mntl. deur seelui n. d. Kaap gebring waar dit by vRieb voorkom as *hoggerflamen* (— *bougre Flamand* = Vlaamse bokker).

**bokkie I:** dim. v. **bok** (q.v.).

**bokkie II:** ook bek. as *bokkiekarretjie*, “ligte karretjie”; Eng. *buggy* (die eerste gedok. in 1773, misk. verb. m. *bogie*, maar herk. onseker).

**bokkologie/bokkunde** v. **bok**.

**bokkom** v. **bokkem**.

**bokmakierie:** — *bokmakoer/bakmakoer* —, ook bek. as *janfrederik*, *janpiedewiet/janpierewiet*, *piede-/pierewiet I* (*Telophorus zeylonus*, fam. *Laniidae*), *bokmakierie* (IVa HN se *bachakiri*) na die geluid v. d. mannetjie, en *kokkewiet* (IVa t.a.p. se *couit-couit*) na die geluid v. d. wyfie, albei kn., al kom die naam *cockuut* al in Mnl. voor, vgl. ook Scho PD 61.

**bokrin** v. **beesrin**.

**bokruit** v. **beesruit**.

**boksendais:** — *boksemdais* —, “alles; almal”; Eng. *box and dice*.

**bokstert:** “oortjie”; in verbg. *oulap, stuiwer en bokstert* — 1 pennie,  $\frac{1}{2}$  pennie en  $\frac{1}{4}$  pennie = amper geen geld nie = byna niks.

**boksuring** v. **steenboksuring**.

**bokveld:** in uitdr. *na die* —, “oorlede”; verb. m. Ndl. *naar de bok=kenweide* (Smi OT 561–2, berus op ’n aanwysing v. Bosh in die jare twintig n.a.v. lg. se art. v. 1926 oor Malh se AS; Scho TWK 14, 1, p. 8 wys in 1935 weer eens daarop en verwys na Afr. gebr. in 1870).

**bokwiet** v. **boekweit**.

**bol I:** “ronde voorwerp”; Ndl. *bol* (Mnl. *bol/bolle*), Hd. *bolle*, “knol, knop” (Ohd. *hirnibolla*, “harspan”), Eng. *bowl*, “beker” (Oeng. *heafodbolla*, “harspan”), hou verb. m. **bal I** en **bil** (q.v.); 1870–1 *bol* en *bolle* (Scho TWK 14, 1, p. 8).

**bol II** v. **kanoentjie**, **naatsteen**, **tweepunt**, **wassie**.

**Boland:** vroeg reeds is v. 'n reis "na d. Kaap" as "na boven" gepraat, maar blb. kom by Wik die eerste gebr. v. d. ss. *boovenland* in dié bet. voor, hoewel die Kaap laer as d. binneland lê; vRieb se *bovenlanders* (in WNT aang.) berus blb. op die gebr. in die Ooste om van die binnelandse berglanders as *bovenlanders* te praat (vgl. verder Scho TWK/NR 7, 1, p. 30).

**boldermekiesie v. bolmakiesie.**

+ **bolderwa:** "outydse vervoerkoets" (deur Bur gedok. en weer in CMM, 1870); Ndl. *bolderwagen* (sedert 18e eeu bek.), saak en wd. tans in Ndl. en Afr. veroud., hou verb. m. Ndl. *bal-/bol-/bulderen*, "rammel", wsk. kn. (Scho TWK 14, 4, p. 187).

**bolla:** "vrouehaarwring"; hou wsk. verb. m. *bolle* as ouer vorm v. Ndl. *bol* (q.v.), i.v.m. oorg. v. ausl. swak bekl. *e* tot *a* v. -a.

**bolla-bolla:** "(vetkoek)poffertjie", by WAT as *bolla* in bet. 2, seker ook verb. m. *bol* (q.v.), 1870 gedok. (Scho TWK 14, 1, p. 8).

**bollemakiesie v. bolmakiesie.**

**bolletjiesgif:** "Boesmanpylgif", by Lic as *bolletjes-gift* v. gif uit knol v. *spp. Haemanthus*; by WAT (soos by Mar) uit bolle v. *spp. Buphane*, fam. *Amaryllidaceae* (Scho TWK/NR 7, 1, p. 30), ook bek. as *gifbol*.

**bolletrie(boom):** ben. v. boom wu. *bolletriehout* (*spp. Mimusops*, fam. *Sapotaceae*); hou verb. m. Eng. *bullet*, *bullet tree*, *bully*, *bully tree*, 'n booms. wat in Am. en die Ooste voorkom en waar= van hout in S.A. gebr. word; ander *spp. Mimusops*, o.a. bek. as *moepel* en *rooimelkhout*, inheems in S.A.

**bolmakiesie:** — *bollemakiesie*/(by WAT nog) *bakkemaoerie*/*bak=keoelie*/*-oerie*/*bakkerolie*/(by Cha) *boldermakiesie*/(by Mans KHI) *boldermakiesie*/(by OK) *bolmakisi*/(by Elf-Vil) *boldermekiesie*/(by vWiel 69 *bolmakiesieskoot* (jagterst., vgl. Nien OA II 241-2, *böllerschuss*) en 153, *bolmakiesie slaan* (kinderspel; misk. ook by jag waar wild na so 'n skoot (neer)slaan of val) —, "buitel, duikel" (sowel by jag as by spel, dus ww. daarby o.a. *skiet*, *slaan*, *speel*, *maak*, *val*); Ndl. *bol over hol* en *bolaarzen* (ouer *bolaarsen*/*bolaersen*/*holeersen*/(dial.) *boleesen* by Frank TE 5-6), asook Ndl. *holderdebolder* (met reeks ww., ook in Afr.) kan verb. hou met eerste lid, maar bevredig sem. nie t.o.v. -ma- en tweede lid nie. Ndl. *holderdebolder* met -de- en Antw. *holderkabolder* (by Cor-Ver) met -ka- is wel opvallend, terwyl Debo s.v. *fladakken* sg. "lasvorme" met -ba-, -da-, -ma- en -pa- noem (vgl. ook *abraka=dabra*). Misk. kan Wf'a. *kúsekopp slân*, "kopfüberschlagen" (by

Woe 151) die tweede lid as = Afr. *kiesie(kop) slaan* verkl., mntl. tog met (volkset.) byg. aan Hd. *kobold schiessen* (Bosh VT 315, 406 en EW), terwyl vorme met *-oerie* (by WAT) misk. verb. hou m. SNdl. *oeren* (uit *over(en)*?) by dCo-Tei I 289-93).

**Bolsjewiek:** — *Bolsjewis* — ; intern. wd. uit Rus. mv. *bolsheviki*, “meerderheidsparty”.

**bombalie:** — *bombarie* — , “lawaaï, opskudding”; Ndl. *bombarie* (sedert vroeg 18e eeu uit *bombarde*) uit Fr. *bombarde*, It. *bombarda*, uit Lat. *bombus*, “geraas”.

**?+bombella(trein):** (dial.) “volgepropte naturellemynwerkerstrein a. d. Witwatersrand”; vlgs. WAT uit Xh. *bombella*, “ingeprop”, maar nie in Bant. opgespoor nie.

**bonafooi:** — *bonnefooi* — , “op goeie geloof”; Ndl. *bonnefooi* (blb. vroeg ontl., maar geen datg. nie) uit Fr. (*à la*) *bonne foi*, “(op) goeie geloof”.

**bonchrétien(peer):** ook bek. as *goeiechristenpeer*; naam regstreeks of via Eng. ontl. aan Fr. *bon-chrétien*, “goeie Christen” (sedert 15e eeu in Frankryk bek.).

**+boniet:** — *bonita/bonito* — , by Kol P 227 en 229 ondersk. *bennyit* en *benneit*; by Frank TB 130 nog *bonyt* sonder vindp., datg. of ident.; toep. op versk. visse tussen makriele (fam. *Scombridae*) en *tonyne* (fam. *Thunnidae*) bemoeilik ident., WAT groep. bv. *boniet* en *bonita* saam onder fam. *Scomberomoridae* en *bonito* apart onder fam. *Scombridae*, terwyl Barn en Smi JLB nie die ident. vir ’n leek voldoende opklaar nie; genoemde vorme gaan egter blb. terug op Port./Sp. *bonito* (met dim. *-ito*, en verb. m. Lat. *bonus*, “goed; mooi”).

**+bonkes:** dim. *bonkessie*, “tabakspypie”; herk. vlgs. WNT onseker, maar Hob-Job se afl. v. *buncus/bunco* uit Mal. *bungkus* (lees: *boengkoes*), “opgerol”, wsk. juis, deur Hes (HA) aanvaar en deur Frank (TB) aangevul i.v.m. die gebr. v. *boengkoes* as ww.; v. ook seroet I.

**bonnefooi v. bonafooi.**

**bontrok v. seebassie.**

**bonyt v. boniet.**

**booï I:** “diensbode”; Ndl. *bode/boo/booi* (lg. wsk. uit mv. *booten* geabstr., reeds Mnl. *bode/boede* en ook dial. *boeye* in bet. “diens=bode”), Hd. *bote*, hou verb. m. ww. *bied*, vlgs. Boek ZV reeds in

Middeleeue *booi/boye* in Holl. persn., maar nie uit te maak of dit verb. hou m. Afr. name v. nie-blankes soos Geelbooi, Swartbooi en Witbooi en of Boek se **booi** I en II, soos blb. ook in Afr., deureenloop nie (vgl. ook **booi** II en Scho TWK/NR, 7, 1, p. 30–1, asook ontw. by **paai** I en II).

**booi** II: “aansprv. v. nie-blanke”, uitspr. *bô*i wsk. onder Eng. invl.; Ndl. (eint. Fri.) *boi* (dim. *boike*), “knaap, seun”, vlgs. Dijk (I 212) ook m. eien. saamgest. (vgl. **booi** I); vlgs. Lic (R I 233 of T I 119) sedert vroeg 18e eeu aansprv. v. Hott. a. d. Kaap; Eng. *boy* (vgl. ontw. v. bet. by Eng. *boy* en *knave*, Ndl. *jongen*, Afr. *jong* en Fr. *garçon*) het blb. in 16e–17e eeu in die Ooste verwar geraak met wd. in versk. tale (Hob-Job) en deur Lok tot Hindo. *bhuj*, “draer”, herlei, en in 17e eeu misk. “uit Eng. in die Ndl. koloniale taal ontleen . . . en so a. d. Kaap i. gebr. gekom”. (Scho t.a.p. by **booi** I).

**boom** I: “plantgewas”; Ndl. *boom* (Mnl. *boom*), Hd. *baum*, Eng. *beam*, “balk”, herk. eint. Germ.; v. ook **wonderboom**.

**boom** II: — *bodem* —, soms ww. en soms doeb. v. *bodem*; Ndl. *bodem/boom*, verb. m. Hd. *boden* (ouer *bodem*), Eng. *bottom* en hoërop m. Lat. *fundus*, “bodem” (wu. Fr. *fond*) en Gr. *puth-mén*, “bodem, diepte”.

**boom** III: “koers-/prysstyging, tyd v. voorspoed”; Eng. (blb. uit Am.) *boom*, “beursterm i.v.m. hoogkonjunktuur” (sedert laaste kwart 19e eeu).

**boonop** v. **bo**.

**boor** I: “gereedskapstuk v. metaal om gate te maak”; Ndl. *boor*, Eng. *bore*, hou verb. m. ww. Ndl. *boren*, Hd. *bohren*, Eng. *bore*, verb. m. Lat. *forare*, “n gat maak”, *foramen*, “gat”.

**boor** II v. **gebore** II.

**boord** I: “kant, rand; plank, skeepsdek; kledingstuk” (lg. gew. dim. *boordjie*); Ndl. *boord* (Mnl. *bo(o)rt*), Hd. *bord*, Eng. *board*, loop soms deureen m. **bord** (q.v.).

**boord** II: “vrugteboord”; verbleekte ss. uit Ndl. *boomgaard* (met allerlei ww. sedert Middeleeue, by vRieb bv. nog *bo(o)gaerd(t)*) en in Nnl. o.a. *hongerd*) uit **boom** I (q.v.) en **gaard** (nog bewaar in *wyngaard/wingerd*), Hd. *garten* en Eng. *garden*, *yard*, *orchard*, verb. m. Lat. *hortus* en Gr. *χortos*, “ingeslote plek”; v. ook **wortel**.

**boorling**: “iemand in ’n bep. omgewing gebore”, (vlgs. WAT nog beperkter) “op ’n bep. plek gebore” (dial.) teenoor *inboorling*,

“afstammeling v. ’n primitiewe bevolking in ’n bep. land”; Ndl. (veral SNdl.) *boorling/boreling*, “’n pas gebore kind”; v. ook *huisboorling*.

**boort**: — (minder bek.) *bort* —, “onsuiwer diamant”; Ndl. *boort*, Hd., Eng. en Fr. *bort*, misk. uit Ofr. *bort*, “baster”.

**bord**: “(hout)blad, plank; stuk eetgerei”; Ndl. *bord* (Mnl. *bort/bart/bert*), Hd. *brett*, hou verb. m. **boord** I (q.v.).

**bordes**: — (veroud.) *betes* —, “vloerruimte by wending v. trap na hoër verdieping”; Ndl. *bordes* (Mnl. *bar-/bordessce/bar-/bertessce*, WV1. *bordessche*, “kap, luifel”) hou vlgs. FvWvH en WNT verb. m. Ofr. *ber-/hretesche* en m. **bord** en **boord** I, maar vlgs. dVri J NEW m. Ofr. of Ll. *brittisca*, “brits” (d.w.s. “Bretons”, sedert 12e eeu bek.).

**bore** v. **gebore** II.

**borrel** v. **bottel** I en II.

**borrie** I v. **baar** III.

**borrie** II: “geel kruiepoecier uit wortel v. *spp. Curcuma*, fam. *Zingiberaceae*; vlgs. Hes (HA<sup>2</sup>) in Kaapse Stukke v. 1685 as *borry*, *borry*, vlgs. vWel (VAH) by Schou as *boraj*, en ook by Bog as *borborry* (I 137), uit Mal. (Jav. of Ind.?) *boreh* (redupv. nie in Mal. wdb. opgespoor nie); v. ook Scho (TWK/NR 7, 1, p. 31); vgl. ook *borrie/geelrys*, *rysbrensie*).

**bort** I: “bep. soort huiduitslag”, ook bek. as *netelroos* en soms verwar m. sg. rooihond, maar eint. *urticaria* (in taal v. medici); Ndl. *bort* (by Kil *bor*, ander ww. *boord/boort/boorts/boors*, ook bek. as *netelroos*) — *netelkoorts* en *galziekte* vroeër vereenselwig m. *cholera*, tans (veroud. en nog dial.) hoofs. toeg. op allerlei maagaandoeninge en nie op *urticaria* nie), herk. onseker.

**bort** II v. **boort**.

**borzoi**: “soort windhond; wolfhond”; wsk. deur liefhebbers en/of telers v. honde in gebr. gebring, regstreeks of misk. via Eng. uit Rus. *borzoi*, “vinnig”.

**bosboekenhout** v. **kasuur**, **oemkwenkwe**, **seepbas**, **stinkbas**.

**bosbok** I: bosliewende antiloops. (*Tragelaphus scriptus*, fam. *Bovidae*).

**bosbok** II v. **waterskaap**.

**bosdruif** v. **bobbejaandruif**, **bimbrikos**; ook toeg. op *spp. Clematis*, fam. *Ranunculaceae* en ook bek. as *wildewingerd* en *haarwurger*; maar **wildewingerd** (q.v.) ook toeg. op *Cliffortia odorata*, fam. *Rosaceae*, misk. verwar m. **wildedruiwe** (q.v.).

**bosgasie**: — *boskasie* —, “digte plantegroei; ruie bos hare”; Ndl. *bosshage* (so reeds Mnl., by vRieb al *boschgasie* met *-asie*) uit Ofr. *boscage* (Fr. *bocage*) wat verb. hou m. Fr. *bois*, “bos”, v. onseker herk.

**bosghwarrie** v. **leerbas**.

**boskop** v. **poenskop**.

**boskouterie** v. **kouterbos**.

**boslemmermes** v. **Genadendalmes**, **herneutermes**.

**bosluisbessie** v. **bietou**.

**bosluisvoël**: versk. voëls. (*Egretta garzetta*, fam. *Ardeidae*; *Bubulcus ibis*, fam. *Ciconidae*/Plataleidae?; *Mesophoyx intermedia brachyrhyncha*, fam.?), sit graag op vee, maar leef nie net v. bosluise op vee nie, dog ook v. insekte deur vee opgeja; v. ook **renoster**=voël.

**bospeper** v. **stertpeper**.

**Bossie(s)man** v. **Boesman**.

**bossiestee** v. **vleitee**.

**bosvark**: wilde soort (*Potamochoerus porcus*, fam. *Suidae*).

**bosvy(g)** v. **koemaan**.

**bot I** v. **bod**.

**bot II**: s.nw. en ww., “uitspruitsel aan plante; uitspruit”; Ndl. *bot* (Mnl. *botte*, by Kil *bot/hotte*, ww. in Ndl. *botten*, veral met voorv.), blb. Germ. wd.

**bot III**: b.nw. en bw., “stomp; dom; heeltemal” (vgl. *botweg*); Ndl. *bot* (Mnl. *bot*), soos **bot II** Germ. wd.

**bot IV**: in Afr. hoof. in ss. (*heil-* en *tarbot*) en as ben. v. allerlei stompkopvisse (fam. *Bothidae* en *Pleuronectidae*) en in ss. (*lewer=bot*) v. ingewandswurm (fam. *Fasciolidae*); Ndl. *bot* (Mnl. *bot(te)/but(te)* en dial.), Hd. *butte*, Eng. *butt* (vgl. *halibut* maar *turbot*), hou verb. m. **bot III** in bet. “stomp; plat”.

**botdig:** — *potdig* —, “heeltemal dig” (bv. oë); blb. nie in Ndl. nie, wel *potdicht*, wu. Afr. (vgl. ww.) *botdig* mntl. is (vgl. (*blafon/**plafon*), maar wsk. ook in aansl. by **bot** III (soos *botweg*).

**boter** v. **botter**.

**botskop** v. **poenskop**.

**bottel** I: “bep. vorm v. fles”, in ouer, 18e-eeuse Afr. (soos in dial. Ndl.) ook *boddel* en tans nog in dial. Afr. *borrel* (vgl. *padda/parra*); Ndl. *bottel* (in dié vorm eers tweede helfte 17e eeu en in vorm *boutelje* nog tot 19e eeu in Ndl. in gebr., maar reeds end Middel-eeue in vorme soos o.a. later in Kaapse Stukke (1652–1705), bv. *bouteille/bouteilje/bottelje* (lg. bv. by vRieb, asook afl. *bot(te)lier* en *bottelery*) en soos Eng. *bottle* (15e eeu, vlgs. ander al 14e eeu, en Ang.–Fr. *butuille*) ontl. aan Ofr. *bouteille* (met ww. *boteille/botel(e)*) uit Ll. *but(t)icula* (dim. v. Ll. *but(t)a/but(t)is*, “vat” wu. ook It. *bottiglia*, Port. *botelha*, Sp. *botella*. Herk. t.o.v. Afr. uit Eng. en Port. verwerp en aanvaar uit 17e-eeuse Ndl. *bottel* of uit Ndl. *boutelje/bottelje* (wsk. as dim. opgevat) en deur seemt. na S.A. gebring (feite en feit. alle bydraes behalwe dié v. Bosm (AMP 55; OOA<sup>1</sup> 74–5 en OOA<sup>2</sup> 73–4) en v. Bosh (VT 153, 158 en 159 en EW) vermeld d. Scho TWK/NR 7, 1, p. 31–3).

**bottel** II: “’n hele teug; heelwat”, in uitdr.: “’n (groot/hele) sluk op ’n *bottel*” volkset. v. Ndl. *borrel*, in uitdr.: “een slok op een *borrel*”, wsk. bevorder d. *borrel* as dial. ww. in Afr. v. *bottel* (v. **bottel** I).

**bottelstoor:** “drankwinkel” (nie kroeg nie); Eng. *bottlestore* (blb. alleen in S.A. Eng. bek.); v. ook **stoor** II.

**botter** — (deftiger en veroud.) *boter* —, “’n bep. produk v. room of olierige plante”; Ndl. *boter* (Mnl. *boter/botre/botter/butter*, in suid. dial. *boter*, in noord. dial. *botter*, soos by *vlees* — *vleis*; by vRieb o.a. *bo(o)ter/botter*), Eng. *butter*, Hd. *butter*, soos Fr. *beurre* uit Ll. *butyrum*; herk. hoërop onseker.

**botterblom:** versk. plante v. etlike fam. (*Cryptostemma calendula-ceum*; *Dimorphotheca pluvialis*; spp. *Gazania*, almal fam. *Compositae*; spp. *Ranunculus*, fam. *Ranunculaceae*; spp. *Sparaxis*, fam. *Iridaceae*; selfs v. spp. *Eschscholtzia*, fam. *Papaveraceae* en v. *Synocha bicolor*, fam.?)

**botterboom** v. **kobas**.

**botterskorsie** v. **sjoe-sjoe**.

**boud** I: “bep. deel v. mens of dier”; nie in dié vorm en bet. in Ndl. nie, wel as *bout* en dan veral “deel v. dier, eend, hoender of voël”, d.w.s. “die skenkel of skinkel”, wsk. verb. m. *bal*, *bil* en *bult*, v. ook **bout**, asook Scho (TWK/NR 7, 1, p. 33).

+**boud** II: (boekw.) dapper (nog o.a. in *boudweg*); Ndl. *boud* (Mnl. *bout*, “gerus, seker, stoutmoedig”), Ohd. *bald*, Eng. *bold*, On. *ballr*, “gevaarlik, moedig; vreeslik”, (tans in) Hd. *bald*, “spoedig”, hoofs. Germ. en nog in eien. Boudewijn; uit Germ. tale in Rom. tale, bv. It. *baldo*, Ofr. *baud*, “vermetel”; v. ook **wrewel**.

**boul**: “met krieketbal in sg. boulbeurt na kolwer se paaltjies gooi”, Eng. *bowl*, in alg. bet. “laat rol” (sedert end 16e eeu), in toep. op krieket (sedert ong. mid. 18e eeu), hou blb. verb. m. *bol* in bet. “ronde voorwerp”.

**bout**: “bep. soort staaf met skroefdraad” (bv. *moerbout*, *skroefbout*) en “soldeerstaaf” (*soldeerbout*); Ndl. *bout* (Mnl. *bout/boute/bolt/bult*, by Kil *bolt/bout*), Eng. *bolt*, Hd. *bolz(en)*; misk. verb. met **boud** (q.v.) en dan ook m. *bal*, *bil*, *bult*, maar in hierdie geval herk. en verb. blb. onsekerder.

? **boutkouterie**: pln. (*spp. Gasteria*, fam. *Liliaceae*, vgl. WAT), sowel *bout* as *kouterie* hier duister en gissings etim. waardeloos, v. ook **kouterbos** en **kouterie** hieronder.

**bowe(n)** v. **bo**.

**boysen(hessie)**: “bep. soort rankbraam” (*spp. Rubus*, fam. *Rosaceae*), uit Am. ingevoer en vernoem na d. Am. kruiskweker, Boysen.

**bra**: — (vroeër ook) *braaf* —, nou doeb. v. *braaf* in bet. “in hoë mate; taamluk, baie; eintlik; haas” as bw. v. *graad*; Ndl. *braaf* (by vRieb nog in bet. “goeie, dapper”, maar reeds by Wik in huidige funk. soos in versk. Ndl. dial. en in dial. vorm *bra*) uit Fr. *brave* (reeds voor middel 16e eeu); v. ook Scho TWK/NR 7, 1, p. 33 en **braaf**.

**braaf**: ondanks WAT weinig bek. in Ndl. bet. “goed, deugsam, regskape; vromerig”, andersyds dikw. (wsk. onder invl. v. Eng. *brave*) gebr. in bet. “dapper”, soos vroeër nog in Ndl. (vgl. by **bra**), ontw. v. bet. by Fr. *brave*, It., Port. en Sp. *bravo* blb. v. “woes” tot “dapper” tot “flink”, en soms soos in Ndl. “vromerig”; vgl. ook **bra**.

**braai**: “gaar maak; warm laat kry; warm kry”; Ndl. *braden* (Mnl. *braden*, Holl. en gemeensaam *braaien*), Hd. *braten*, verb. m. Ndl. *branden* en *broeien* misk. mntl., maar verleidelik en onseker.

**braak I:** 1a. (enigsins veroud.) “onbeploegde grond”; 1b. “geploegde maar onbesaaide grond”; 2a. “verbreking” (gew. in ss., bv. *huisbraak*, *inbraak*); 2b. ww. “onbewerkte grond om= ploeg”, hou verb. m. Ndl. *braken* (by Kil *braecken*) en *breken*, Hd. *brechen*, Eng. *break* en Lat. *frangere*, “breek”.

**braak II:** ww., “vomeer”; “uitskiet” (bv. ’n vulkaan); Ndl. *braken* (al 16e eeu) naas *breken*, ook nog dial., Hd. (*sich er*)*brechen*, hou misk. ook verb. m. **braak I** (vgl. “winde opbreek”).

**braam I:** pln. (*spp. Rubus*, fam. *Rosaceae*); Ndl. *braam* (Mnl. *brame*, Ndl. dial. *breem*/*breim* en *brommel*/*brummel* e.a.), hou verb. m. Eng. *broom* en *bramble* en Hd. *brombeere*, asook m. Ndl. *brem* en via Fr. m. *framboos* (q.v.).

**braam II:** “oneffe rand of riffie aan snywerktuig”, ook bek, as *baard*; Ndl. *braam* (by Kil *breme*) hou verb. m. Eng. *brim*, “rand” en misk. verb. m. **braam I**, asook m. Ndl. *berm*, “rand”.

**braam III v. brasem.**

**brak I:** “souterig; nie souterig genoeg nie, laf”; Ndl. *brak* (Mnl. *brac*), Eng. *brack* en *brackish*, vgl. Ndl. en Ned. *brakwater* en Hd. *brackwasser* (sedert 17e eeu), voorgestelde verb. hoërop v. twyfelagtige waarde; in bet. “kaal” (WAT) misk. verb. m. **braak I**.

**brak II:** “kleinerige hond; basterhond; bep. tipe jaghond”; Ndl. *brak* (Mnl. *bracke*/*brac*), Hd. *bracke*, (almaal) “speurhond”, wu. It. *bracco*, Fr. *braque* en hieruit Eng. (veroud.) *brach*, “brak”, misk. verb. m. Lat. *fragrare*, “sterk ruik”.

**brakbos v. kanna III, vaalbrak.**

**bramakranka v. koekmakranka.**

**brandassie v. doemdoempie, warmassie.**

**brander:** 1. “ernstige aanmaning, kwaai brief”; 2. “groot seegolf”; Ndl. *brander* in bet. 1, maar in bet. 2 alleen *brand* (by vRieb in mv. *branden*) en *branding*, “opstuif v. gety teen strand”, ontw. v. bet. te vgl. m. Lat. *aestus*, “(gety)gloed”.

**brandewyn:** st. drank uit druiwesap gestook; Ndl. *brandewijn* (vroeeër ook *brandwijn*, by Kil *brand-wijn* opgevat as *brandende wijn*, maar eint. (ge)*brande* (d.w.s. gestookte) *wyn*; in S.A. ook van ander vrugte as druiwe gestook of gegis, vgl. *mampoer*, *witbliis*, *wittetjies*, ens.

**brandlelie v. puruutjie.**

**+bras:** “brons, (geel)koper”; Eng. *brass*, by vRieb uit d. Eng. v. d. Hott. Herry geleer.

**brasem:** selde in Afr. as simp. gebr., hoofs. in ss., v. **seebaarsie**, **seebassie** en **steenbras**; in kompo. gew. **bras**.

**bredie:** “vleisgereg met groente en uie of rissies gesmoor”, die groente was aanv. blb. *spp. Rumex*, fam. *Polygonaceae*; vlgs. Lic (R III 163 of T II 62) uit Port., misk. via Malg. (Bosh VT 362–3), Schu (LgrP 1885, p. 468) gee die volgende op: Fr. *brède*, Port. *brede*, Sp. *bledo*.

**brekwater:** “hawehoof; harde arbeid” (veral v. misdadigers aan ’n hawehoof); ’n leenv. of cal. uit Eng. *breakwater* (sedert 1721).

**brei I:** “met gare, wol, ens., tot ’n geheel deureenwerk, knoop”; Ndl. (al Mnl.) *breien*, “vleg”, naas wsk. hiperk. *breiden*; hou wsk. verb. m. Eng. *braid* (en dié m. Oeng. *bregdan*, “swaai, trek”), vlgs. dVri J NEW ’n Ingme. i.v.m. bosbedryf by vleg v. omheining — dit was egter veral huise wat in die oertyd gevleg is.

**brei II:** “afrig, bewerk, sag maak”; saamgetrek uit *berei*, Ndl. *bereiden* (wat soms deureenloop m. Ndl. *breiden/breien*), Hd. *bereiten*, hou verb. m. *bereid* en *gereed*; herk. hoërop in versk. opsigte onseker; v. verder Scho (TWK/NR 7, 1, p. 34) oor *brei*, *breipaal* en *breisel* (van wyn).

**brekfis:** “ontbyt”; tans minder gebr. as enkele dekades gelede en verdring d. *ontbyt*, *oggendete*, *ag(t)uur*, vgl. ook veroud. **vroegstuk**; Eng. *breakfast*.

**breksie:** geol. term i.v.m. bep. gesteentevorm; wsk. via Eng. *breccia* (soos by WAT), soos Fr. *brèche* uit It. *breccia*, wat wsk. verb. hou m. ouer Germ. vorm v. ww. *breek*; vgl. LGT.

**brensie** v. **rysbrensie**.

**brick:** “rem”; tans minder gebr. as enkele dekades gelede en verdring d. *rem*, behalwe in idiom. uitdr.; Eng. *brake*; herk. onseker.

**briekwa:** 1. bep. soort mak bok; 2. soort basterkafferwartlemoen; 3. albei is “bontgestreep, skilderbont” — vandaar ook in dié bet. gebr.; behalwe by Wik, lVa, Lic en Bur (hierna d. Nien genoem) kom die wd. reeds as Hott. stamnaam by vRieb voor as *Bryckje/Brichje/Brigodijis*; eerste lid is Ohott. *brie-* (Kor. *biri-*, Na. *beri-*, “bok”), tweede lid is Ohott. *-kwa* (uitg. v. d. mv., in Afr. as ekv. gebr.); die wd. *Briekwa* toeg. op Bant. van wie hulle dié boks. gekry het, d.w.s. Bokmanne, mettertied veralgemeen en verruim (v. Nien HOTT 224 s.v. **bok** II en 219–20 s.v. **Betsjoeana**).

**brinjal:** — *brinjella/bringel* —, pln. (*spp. Solanum*, fam. *Solanaceae*), ook bek. as *eiervrug*; Port. *beringela/bringel(l)a/bringiela*, misk. uit Pers. *badingan* (wv. by Lok s.v. *badingan* en by Hob-Job s.v. *brinjaul*), mntl. d. Port. of Asiatiese tuiniers en/of groentehandelaars ingevoer.

**broe(de)r v. boet I.**

+**broesa:** “duiwel” (by Mans), d. WAT in verb. m. **asmannetjie**, “duiwel”, genoem en d. Hes (HA<sup>1</sup> 91 en HA<sup>2</sup> 83) in verb. gebring m. Port. *bruxa*, “heks”. Is dit misk. beïnv. d. Ndl. **droes** (o.a. in bet. “duiwel”) wat andersyds m. *droesem* verwar is?; v. **droes II.**

**bromkatjies:** “lugpypontsteking”, vanweë uitspr. wsk. volkset. uit Eng. *bronchitis*, terwyl wv. *bronkieties* kan berus op volkset. uit Afr. *brongitis*.

**bromvoël v. wildekalkoen.**

**bronkors:** “soort waterplant wat as slaai gebr. word” (*spp. Nasturtium*, fam. *Cruciferae*); eerste lid is Ndl. (*water*)*bron* en tweede Ndl. (*water*)*kers* (met wv. *kars(e)/kers(e)/kors(e)*), Eng. (*water*) *cress*, Hd. *kresse*, v. onseker herk. — wv. en ander (ged. volket.) vorme en name by WAT; v. ook **waterkers II.**

**broodlyn:** “lae lewenspeil”; ’n leenv. of cal. uit Eng. *breadline* (blb. ’n neol. in dié bet. in Eng.); vgl. **breekwater.**

**brosdoring v. arrie II.**

**brug I:** “verkeersoorgang”; Ndl. *brug* (Mnl. *brugge*), Hd. *brücke*, Eng. *bridge*, hoofs. Germ.; v. ook **winkbrou.**

**brug II:** bep. soort kaartspel; ’n leenv. of cal. uit Eng. *bridge*, op sy beurt mntl. ’n volkset. vervorming v. Rus. *birich*, ’n ou kaartspel wat gelei het tot die Rus. spel *yeralash* (misk. uit Tur. *aralash*) wat baie ooreenkoms het m. Eng. kaartspel *whist*.

+**bruidswieltjie:** “bruidsluiertjie”, o.a. aanget. d. vWiel (106) wat beweer dat dit uit die “Hollandse tyd” bek. is, maar tweede lid tog wel verb. m. Eng. *veil*, “sluier”, wat verb. hou m. Ofr. *voil(e)* uit Lat. *vela* (ons. mv. v. *velum*, “gordyn, sluier”); v. ook **wyl III.**

**bruiganna v. windmakersbos.**

**bry I:** “papperige kooksel”; Ndl. *brij* (Mnl. *bri*), Hd. *brei*, wsk. verb. m. Oeng. *brīg/brīw*, “pap”, en mntl. m. Eng. *brew* en *broth*, maar onseker.

**bry** II: bep. manier om die *r* uit te spreek; Ndl. *breien*, *brijen* en *brouwen* loop deureen en word almal o.a. in dié bet. gebr., herk. net so onseker as dié v. **bry** I.

**budjie**: bep. soort klein voëltjie wat mak aangehou word; Eng. *budgie*, verk. v. *budgerigar*, herk. wsk. uit Austr. taal.

**buidel/buil** v. **puil**.

**buks** I: 1. “kort en kleinerige pers.”; 2. “kort geweer; windgeweer” (*windbuks* in albei bet.); Ndl. *buks/bus* uit Hd. *büchse*, wat blb. verb. hou m. **bus** I, “doos”.

**buks** II: pln. (*spp. Buxus*, fam. *Buxaceae*), beter bek. as *buksboom*; Ndl. *buks(boom)* (by Kil *busseboom*) na vb. v. Hd. *buchs(baum)*, verb. m. Lat. *buxus*, Gr. *puxos*.

**bul** I: “stier”; Ndl. *bul* (ouer *bulle*, Kil *bolle(n)*, vRieb *bul*), in Ndl. (veral noord.) dial. *bol(le)/bul*; Hd. *bulle*, Eng. *bull*, vlgs. sommige verb. m. *bal* (v. **bal** I), vlgs. ander verb. m. *balk/bulk* (v. **balk** II).

**bul** II: “oorkonde; seël” (veral Pouslike brief met seël); Ndl. *bul* (Mnl. *bulle*, Kil *bulle*), Hd. *bulle*, Eng. *bull*, verb. m. Lat. *bullā*, “seël”, wu. afl. It. *bulletino* en hieruit wsk. Fr. *bulletin* (ook Ndl. en Afr.)

**bulhond** v. **boel** I.

**bulk** v. **balk** II.

**bulletin** v. **bul** II.

**bulsak**: (vroecr) “strooimatras”; (later) “verematras”; Ndl. (seemt.) *bultzak* (17e-eeuse Ndl. *bul(t)sak*, vRieb *bultsacken*).

**bungalow**: (in S.A. veral) “eenvoudige tipe barakhut vir soldate”; hier sedert die Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) bek.; Eng. *bungalow* uit Hindo. *bang(a)la*, die subst. gebr. byv. vorm v. d. gebiedsnaam Bengale (sedert 17e eeu).

**burbank(pruim)**: Japanse pruims. (*spp. Prunus*, fam. *Rosaceae*), so genoem na Am. kweker, L. Burbank (1849–1926).

**burg** I: “versterkte stad of kasteel”; Ndl. *burg/burcht* (Mnl. *burch/borch(t)*, ook dial. vorme met *o* en *u*), Hd. *burg*, Eng. *borough* (in plekn. *-burgh*); sommige etim. soek verb. m. *berg* en beskou Ll. *burgus*, “toring”, as aan Germ. ontl., ander meen dat Germ. wd. berus op Ll. *burgus*, Gr. *purgos* uit ’n Arm., Aram. of Arab. wd. wat in lg. geval as *burg* of *burj* weergegee word.

**burg** II: “gekastreerde vark”; Ndl. *barg* (Mnl. *barch/bargh*, Kil *bargh/bergh*, dial. Ndl. *barg/berg/borg/burg*), Hd. *barch*, Eng. *barrow*, mntl. verb. m. Lat. *ferire*, (o.a.) “stukkend sny, slaan”.

**bus** I: “doos; geweer”; Ndl. *bus* (Mnl. *bosse/busse*, dial. ook vorme met *o* en *u*); Hd. *büchse*, Eng. *box* hou verb. m. Ll. *buxis* en Gr. *puxis*, “doos uit hout v. buksboom” (v. **buks** II) wu. Fr. *boîte*, “bus, doos”.

**bus** II: “voertuig”; in ’n mate intern. wd., verk. v. Lat. *omnibus*, (lett.) “vir almal”, blb. die vroegste (van 19e eeu af) in Fr. gebr., kon in Afr. òf via Ndl. òf via Eng. gekom het.

**busboom** v. **buks** II.

+**busseltjie**: — *boeseltjie* — , “oumodiese rokkussinkie”; misk. via Eng. *bustle*, mntl. verb. m. Skand. *busk(le)*, “aantrek, uitrus”, maar verb. kan dalk ook bestaan m. Ndl. *bostel/bustel* (by Kil *bo(o)ste/booste*), “peul”, en dan aansl. by Eng. *bolster* en by **bal** I; v. ook **semel(s)rol**.

**byangelbos** v. **naaibos**, **naaldbos(sie)**.

**bybie** (by WAT) v. **beibie**.

**byna**: “amper, nie heeltemal nie”; Ndl. *bijna* (Mnl. *bina*, ook *binaer* (komp.) en *binaest* (sup.); in WvI. is *bijnaar* nog d. gew. vorm, wat o.a. ook by vRieb (23.11.1660) as *bijnaer* voorkom, sporadies nog by ouer geslag in S.A. gehoor.

## C

**calque**: 1. “deurtrektekening”; 2. “slaafse navolging”; 3. (min of meer intern. term i. d. Taalk. v.) “leenv.”; uit Fr. *calque* (Marouzeau).

**camouflage** v. **kamoeflage**.

**campanile**: “kloktoring”; wsk. d. argitekte, lesers en/of reisigers, ens., ingevoer uit Ndl., Eng. Fr. of It. *campanile* (uit It. *campana*, “klok”).

**campus** v. **kampus**.

**canyon**: “diep erosiedal”; wsk. via Eng. (veral Am.-Eng.) *canyon* uit Sp. *cañon*, “buis”, en verb. m. Eng. *cane*, Lat. *canna*, Gr. *kanna* en oorspr. mntl. Sem. Etlike tale (o.a. Ndl.) volg die Sp. spel.

**capita:** in uitdr. *per* —, (eint.) “na die hoofde”, d.w.s. “per kop” (v. d. bevolking), Lat. mv. v. *caput*, “kop”.

**caprice v. kaprise.**

**carpieer:** “kleitrap, rondspring, uitvlugte seek”, neol. sedert die vroeë jare sestig (veral i.v.m. politieke aangeleenthede) n.a.v. die optrede van die heer Carpio wat S.A. as verteenwoordiger van die V.V.O. besoek het; vgl. **profumeer**.

**catawba(druif):** ben. v. versk. druifs. (o.a. vir *Vitis labrusca*), wsk. via Am.-Eng. *Catawba*, India. rivier- en stamn.

**catje v. katjie II.**

**cedille:** “kommavormige tekentjie onder die letter *c* om (bv. in Fr.) ’n bep. uitspr. v. die letterteken aan te dui”; regstreeks of via Ndl. uit Fr. *cedille* (ouer *cerille*) uit Sp. *cedilla* (ouer *cerilla*), eint. dim. v. naam v. d. letter *C*, vgl. ook It. *cediglia* en Eng. *cedilla*.

**centumtale:** term i.d. Hist. en Verg. Taalk. wat berus op Lat. wd. v. „honderd” en wat as maatstaf gebr. is om die Idg. taalgroep in te deel in 1. *centumtale* waarin ou pal. eksp. vel. eksp. *k* geword het, en 2. *satemtale* waarin dit tot frik. *s* ontw. het (Marouzeau).

**channa v. ganna en kanna III.**

**chaos:** “die leegheid v. d. heelal voor die skepping; gapende afgrond; toestand v. wanorde”; wsk. via Ndl. *chaos* (hoewel nog nie by Kil nie — in Eng. ouer, maar blb. eers sedert die 16e eeu in ruim gebr.) uit Lat. *chaos*, Gr. *χaos*, (ong.) “onbepaalde ruimte”; afl. *chaoties*.

**chauvinis:** “ekstremistiese patriot” (vgl. gebr. v. *jingo*); in ’n mate intern., hou verb. m. naam v. Fransman Nicolas Chauvin en raak alg. bek. deur Cogniard se *La Cocarde Tricolore* van 1831.

**che(e)tah v. sjjeta.**

**chiampan v. sampan.**

**chianti(wyn):** bep. “rooiwyn” (afkomstig uit Chianti in Italië), bek. deur die wynhandel (in Eng. bek. sedert eerste helfte 19e eeu).

**chinchilla(konyn):** “klein knaagdier uit S.-Am. (*Chincilla laniger*), die konyns. m. dié naam word in België geteel m. d. oog op belang v. d. velletjies vir die pelshandel; die naam berus blb. op Sp. dim. v. *chince*, “insek”, uit Lat. *cimex*, “weeluis”, na bewering vanweë reuk.

**chitoon:** “lang jurk” (uit die klassieke oudheid); uit Gr. *χitōn* en t.g.v. kultuurgesk. bek. geraak, vgl. die Lat. *tunica*.

**chlorofil:** “bladgroen”; wsk. deur die Plantk. via Eng. *chlorophyll*, uit Gr. *χlōros*, “groen, liggroen, gelerig-groen”, en *phyllon*, “blad/blaar”, in Eng. sedert begin 19e eeu; v. ook **filloksera**.

**chloroform:** bep. verdowingsmiddel; Ndl. en Eng. (lg. sedert eerste helfte 19e eeu) *chloroform* uit Fr. *chloroforme*, ss. uit Gr. *χlōros*, “bleek, blekerig” en Lat. *formica*, “mier” (vgl. *mieresuur* = Eng. *formic acid*).

**cholera:** besmetlike siekte wat versk. vorme aanneem; die ben. hou verb. m. Lat. *cholera*, Gr. *cholera* (uit Gr. *cholē*, “gal”) en kom in die bep. vorm en toep. in Ndl., Eng. en Fr. blb. eers teen die end v. d. 16e eeu voor, maar ander vorme en toep. reeds vroeër.

+ **Christenmens:** “blanke” (in teenstelling met die donkerkleurige en swart “heidene” wat destyds ook “skepsels” genoem is), die ben. *Christenmens* het sedertdien veroud. geraak, maar *skepsel(s)* word nog gebr. (Scho TWK/NR 7, 1, p. 34 i.s. *Christenmens* met aanh. sedert 1795, en TWK/NR 7, 2, p. 24 i.s. *skepsel* met aanh. uit Trig en verwysing na J. S. Marais vir nog vroeër gebr.).

**cicerone:** “begeleier, gids”, veral bek. aan reisigers wat Italië besoek het; Eng. (sedert eerste kwart 18e eeu), Fr. (sedert mid. 18e eeu) en It. *cicerone*, na die naam v. d. Romeinse redenaar, Cicero.

**cliché:** 1. “drukblok; 2. geykte uitdr.” (vgl. **calque**), deur drukkuns, taal- en lettk. bek.; Fr. *cliché* (sedert 19e eeu) en daaruit dan ook Ndl. en Eng.

**cochenille:** 1. “insek, skildluis”; 2. “kleurstof” (bek. as *karmyn*); Ndl. (sedert 16e eeu) *cochenille*, soos Eng. *cochineal*, uit Fr. *cochenille* uit Sp. *cochinilla* (vgl. It. *cocciniglia*), hou verb. m. Lat. *coccinum*, “skarlaken gewaad” en verder m. *coccum*, “skar laken” (kleur en bessie).

**cockney:** “Londenaar” en sy “dialek”; Eng. *cockney* (ouer *coken-ey*, (lett.) “hane-eier”, soms toeg. op klein of misvormde eier, (dan) klein stedeling (of) iets veragteliks), in Eng. sedert end 16e eeu.

**compote:** “gestoofde vrugte”; Ndl. (reeds Mnl.) *compost* uit Ofr. *compost(e)* soos Eng. *compost* en *compote*, later weer aan Fr. in vorm *compote* ontl.; hou verb. m. Lat. *composita*, vr. vorm v. verl. dw. v. ww. *componere*, “opgaar; saamvoeg”; v. ook **kompos**.

**condé v. kondee.**

**confetti:** “papiersnippers”, intern. wd. i. d. handel; It. (ook “lekkers”) mv. v. *confetto*, uit Lat. *conficere*, “voorberei” (in Eng. sedert tweede helfte 19e eeu bek.).

**consols:** “beursterm”; Eng. *consols*, verk. v. *consolidated annuities/fund*, Lat. *con-* + *solidus* (ww. *solidare*, “solied maak”), d.w.s. gekonsolideerde lenings v. Eng. staatskuld.

**corduroy:** “koord- (of) riffelferweel”; Eng. *corduroy* (sedert end 18e eeu), geen bewys te vind vir voorgestelde afl. v. Fr. *corde du roi*, “koningskoord”, nie, eerder te dink aan Eng. familien. *Cor=deroy*; in Afr. word ondersk. tussen *fluweel* en *ferweel* en by lg. soms nog teenoor bep. soort wat dan nog *corduroy* genoem word.

**coubang** v. **koebang**.

**crayon:** “grafiet (of) kryt”; Ndl. (reeds 16e eeu), soos Eng., wsk. uit Fr. *crayon* (uit ww. *crayonner*, “skets”), hou verb. m. Lat. *creta*, “kryt”.

**crèche:** “kinderbewaarplek”; via Ndl. of Eng. uit Fr. *crèche* (wat blb. self via Ofr. *cresche* of Prov. *crépia* teruggaan op Ohd. *kripja*, “krip”, en mntl. verb. hou m. die krip in die stal waarin die Christuskind gebore is, indien juis, dan wsk. ook verb. m. Ndl. *krib(be)* en Eng. *crib*, met ouer bet. o.a. “mandjie; vlegwerk; eetbak; krip”).

**cremona:** bep. soort viool; via Ndl. of Eng. *cremona* wat, soos Fr. *cremone*, verb. hou m. Cremona, stad in Lombardye, Italië.

**crêpe-de-chine:** bep. soort sagte systof; via Ndl. *crêpe de Chine* of Eng. *Crêpe de Chine* uit Fr. *crêpe-de-chine*, ss. uit Fr. *crêpe* (Ofr. *crespe* uit Lat. *crispa*, “geriffeld”) + *de*, “van”, *chine*, “China/Sjina”.

**curie:** intern. maateenheid; na Marie Curie wat aan die end v. d. vorige eeu in medewerking met haar man radium ontdek het.

**curium:** bep. “element” (Simbool Cm), na Pierre en Marie Curie (v. **curie**).

**cyma:** “ojiefdeel v. kroonlys”, ondersk. as — *recta* en — *reversa*; Eng. *cyma* (sedert 16e eeu) hou verb. m. Gr. *kuma*, “iets wat geswel is, 'n golf”, ens.